
Vrye Weekblad

9 - 16 AUGUSTUS 1991 Prys:R2,20 (R1,95 + 25c AVB)




# 'EK HET VANJAAR NOG BONDELS POLISIE-GELD VIR INKATHA GEVAT', SÊ SAP-AGENT BARNETT


*Die SAP se vreemde wapentransaksies* ● *Agent moes op VWB spioeneer*

**Luciano Pavarotti, Superster** ● **NI se Niel Barnard: die arm man se Lang Hendrik?** ● **The thoughts of Cyril Ramaphosa** ● **Deurbraak met vrede**

# inhoud

5 Nog bondels geld aan Inkatha
6 Ek moes AK-47's koop - Polisie-agent
7 Polisie-spioen in VWB kantoor
8 Beursie: BTW vir die dom ou
9 Niel Barnard - die arm man se Lang Hendrik?
10 Rubrieke: Skoolpraatjies
Regspraatjies
11 Politiek: ANC eis nuwe weermag
Sterk nuwe vordering met onderhandelings
12 Rubrieke: Egbertus Klaagvoort
Lanse en Drake deur Tim en Matt Sandham
13 Boeke: Die leuen én die werklikheid
14 Wêreld: Oos-Europa se plakker-toeriste
Iran se sedebewakers lê op die loer
15 Cyril Ramaphosa in the hot seat
16 Kinders: Nuwe mense in 'n ou wêreld
18 Sport: Rugby sal reggeruk moet word
Agterosse kry nou ook pryse
19 Sport: Brian Mitchell het sy eie drome oortref
20 Die week se TV-programme
21 Elmari Rautenbach se TV-rubriek
22 Kuns: Die ontemperamentele sopraan
Mozart se magiese misse
23 Gesprek: Arachnophobics
24 Keurvakatures
25 Pavarotti: Koning van die hoë C's
26 Kleinadvertensies
27 Sipho 'Hotstix' Mabuse asks about tomorrow
30 Beplan jou naweek saam met die kenners
31 Nettie Pikeur geniet veerwild

# vrydagoggend



max du preez

## Die politiek moet weer oor mense begin gaan

DIE twee kenmerke van Suid-Afrika se politieke wesens wat my afsit, is 'n beheptheid met korrekte ideologiese posisies en 'n ongelooflike arrogansie en selfvoldaanheid - ek soek eintlik na 'n woord vir selfrighteousness - wat uit byna elke politieke groepering straal.

Dit is ons gewone mense se taak om toe te sien dat die politiek en die staatkunde van Suid-Afrika weer om mense draai. Enige regeringsvorm draai tog daarom dat individue en groepe se bestaan en interaksie georden moet word, en nie om 'n regeringsvorm per se nie. Die hele politiek is veronderstel om gebaseer te wees op die welsyn en regte van die gewone landsburger.

Dit is lank nie meer so nie. Dit is die groot fout wat die kommuniste begaan het: die klem het begin lê op mag, op die regeerders self, op die burokrasieë. Dit is ook die fout wat die superkapitaliste begaan: die klem lê op finansiële en ekonomiese prestasiesyfers - hulle glo jy kan 'n nasie se gesondheid meet deur te kyk na die groeikoers en die betalingsbalans alleen.

Daar word breedweg aanvaar dat dié geringskatting van die mens self as die middelpunt van alle politieke en staatkundige aktiwiteite meestal 'n sonde is van regsgesindes. Dit is beslis 'n sonde van dié lot - luister maar na Eugene TerreBlanche wanneer hy so skuim om sy mond kry; of na Andries Treurnicht wanneer sy lippies so verbete dun word.

Maar ek dink diegene op die linkervleuel, veral ver-links, het 'n soortgelyke siekte. 'n Voorbeeld: ek sit eendag in 'n hofsaak waar 'n skoongesig-seun daarvan aangekla word dat hy weens gewetensbesware nie diensplig wil doen nie. Ek had geen twyfel nie dat hy opreg was. Maar wat my siek gemaak het, was die geharde lefties met baarde, sandale en gekraakte toonnaels wat hom binne en buite die hof aangepor het om geen kompromis aan te gaan nie, maar tronkstraf te verkies. Hulle het 'n martelaar gesoek om hul saak te dien, en wat gedurende ses jaar in die tronk met dié seun sou gebeur, het hulle duidelik nie geskeel nie. Die paar weke wat hulle hom as 'n heldefiguur kon gebruik, was vir hulle goed genoeg.

Miskien is dit 'n internasionale siekte van alle politici en mense wat aktief by die politiek betrokke is: dit gaan nie meer om menseregte, menswaardigheid en die hoogste moontlike welvaart vir die hoogste moontlike mense in 'n samelewing nie, maar oor ideologie, dogma en mag.

In Suid-Afrika vandag, so voel dit vir my, ly ons van alle kante nogal ernstig

# briewe

### Orale bedryf in Afrikaanse letterkunde?

**Joan Hambidge van Pietersburg skryf:**

Alvorens Etienne Britz wil begin messe optel oor die resensiebedryf, wil ek hom net aan die volgende spelreëls herinner: (VWB, 12-18 Julie '91). Ten eerste: kontroleer asseblief eers al jou feite. Ek het byvoorbeeld in my rubriek "Op my literêre sofa" oor Tom Gouws se Diaspora myself uitgelaat. Hiermee verwerp ek dus sy aantyging dat ek net sekere mense sou kritiseer en kwansuis bang sou wees om ander op literêre partytjies in die oë te kyk. Dis vir die rekord (om my die aaklige anglisisme te verskoon).

Ten tweede: van wanneer af word literêre stukke geskryf na aanleiding van hoorsê-getuienis? Of is Britz hiermee besig om die orale bedryf in die Afrikaanse letterkunde in te voer?

Wanneer VWB sê dat hulle nie briewe met 'n lasterlike strekking publiseer nie, wonder 'n mens oor Melvyn H Minnaar se opmerking oor Cas van Rensburg (in die kas weet Cas seker ook maar nie) in die VWB, 19-25 Julie.

### Twee vrese

**Anoniem van Johannesburg skryf:**

Na aanleiding van nou die Donderdagaand se debat (of debakel?) op M-Net met John Berks, Max du Preez en die AWB, het ek 'n paar gedagtes wat ek graag wil deel.

Ek was nog nooit polities georiënteer nie. Ek het nog altyd die indruk gekry dat politici mense is wat een ding sê en 'n ander doen, keer op keer.

Maar iets waarin ek nog altyd baie sterk glo, is regverdigheid. Geen mens in dié wêreld het die reg om 'n ander se regte te ontneem nie.

As die nuus op die radio, TV en koerante my nog nie bang gemaak het nie, is ek na dié debat deeglik bang. En ja, kwaad.

Vir wie? Vir wat?

Vir eers vir Eugene TerreBlanche en sy army. Hy is so gevaarlik soos 'n kind met 'n gelaaide rewolwer.

Erger nog: "Hy het 'n talent, net soos Hitler, om mense op te sweep.

Toe ek na hom sit en luister, dink ek: "Maar hy het 'n reg om te besluit of hy wil integreer of nie, om sy Boer-heid te probeer behou en dit aan sy kinders na te laat."

Ons Afrikaners is baie bang vir gesag. Ons is van kleins af geleer om gesag te aanvaar. TerreBlanche verpersoonlik gesag vir duisende mense wat nie vir hulself dink nie. Hulle aanvaar wat hy vir hulle sê. Hy gebruik hulle emosies om sy gesag te vestig.

Hy maak hulle bang, en bied dan vir hulle 'n uitkoms. Maar hy is nie hier besig met 'n pampoen nie. Dink hy regtig dat die mense wat vrae vra hom glo dat hy net sy ou stukkie boeregrond wil hê om vreedsaam op te leef?

En dat hy almal sal uitlos? Nie vir een oomblik glo ek dat hy gelukkig sal wees met sy klein stukkie boerestaat-Suid-Afrika nie. Hy sal die hele SA vir homself wil hê, en sal al die ander groepe uitdryf of hulle in homelands druk.

Kyk maar na sy houding oor die algemeen: Du Preez is seker in sy oë een van die ergste dinge wat bestaan: 'n Afrikaner wat nie sy soort boer wil wees nie. En tog, het hy hom taamlik hoflik beledig. Hy het hom meneer genoem. Du Preez is 'n witmens, en hy aanvaar hom as 'n gelyke, selfs al is dit as 'n vyand. Toe die swart man, Tom, hom durf teëgaan, (en Boeta, het Tom hom vertel) het hy hom op die lelikste manier moonlik beledig. Sy hele houding spreek daarvan dat hy dié man nooit as 'n gelyke sal aanvaar nie.

Hy sê dit gaan nie vir hom oor ras nie, dat die AWB nie ander groepe wil oorheers nie, dat die boere tog maar net hulle ou stukkie grond wil hê waar hulle in vrede 'n volk kan wees. Sy houding, en dié van so baie van sy volgelinge, weerspreek dit egter.

Tweedens is ek bang vir die ander kant. Die ANC spreek met 'n stem wat nie voorheen gehoor kon word nie, en bravo daarvoor. Mens kan nie verby die feit kom dat apartheid - en die mense wat dit voorgestaan het - 'n magdom mense onderdruk het nie. En buiten die feit dat dit nou tyd is dat hulle hul regmatige plek as Suid-Afrikaners inneem, dink hoe hierdie land sal groei en ontwikkel as almal toegelaat word om hulself ten volle te ontwikkel. Mense moet ook die reg hê om te deel in die vrugte van hul arbeid.

Maar, wat van die geweld? Ek kan nie dink dat enigiets positiefs bereik word deur iemand te verbrand nie. Ja, Nelson Mandela sê dat dit nodig was om terreur-dade te pleeg, want niemand wou luister nie. Maar noudat almal luister, hoekom wil hy nie geweld afsweer nie? Ek dink in elk geval dat geweld nooit


VWB
DIE NUUSTYDSKRIF

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/40168/06).
Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breestraat 153, Newtown, Johannesburg. Die posadres is: Posbus 177, Newtown 2113.
Die telefoonnommer is (011) 836 2151 en die faksnommer 838 5901. Die Kaapstad-kantoor se telefoonnommer is (021) 47 8960 of 47 8819, en die Pretoria-kantoor (012) 834 879.

**Redakteur:** Max du Preez
**Assistent-redakteurs:** Jacques Pauw, Andrea Vinassa (Kuns), Ina van der Linde
**Politieke korrespondent:** Hennie Serfontein
**Kopieredakteur:** Johan Bruwer
**Ontwerp:** Anton Sassenberg
**Kaapse kantoor:** Christelle Terreblanche
**Redaksie:** Audrey Brown, Pearlie Joubert, Laetitia Pople (Kuns), Esma Anderson, Lucky Khuzwayo.
**Sportredakteur:** Tinus Horn
**Fotograwe:** Rodger Bosch, Kate Thornycroft
**Advertensies:** Joyce Dube, Louwrins Potgieter
**Redaksie-assistent:** Cathy Fennessy
**Kantoorbestuur:** Joseph Moetasi, Vernon Zulu.
**Bestuurskonsultant tot Wending Publikasies Beperk:** Mark Beare

Vrye Weekblad word gedruk deur Caxton Beperk, Kommandoweg, Industria.
Vrye Weekblad kos R1,95 plus 25 sent AVB. Dit kos R110 (AVB en aflewering ingesluit) om vir 'n jaar in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die tydskrif R2,20 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is by navraag by (011) 497 2911 beskikbaar.
Probleme met verspreiding moet gerig word aan Louwrins Potgieter by (011) 836 2151.

aan dié krankheid.
Dit was nou 'n lang ompad om uit te kom by iets waaroor mense deesdae baie vrae vra: wat is nou eintlik die FW de Klerk-regering se agenda vir ons toekoms?
Vir my lyk dit nie of daar juis 'n vreeslik gedetailleerde bloudruk bestaan nie, maar tog is breë strategieë sigbaar.
Die een strategie is om in dié oorgangstyd sover moontlik sigbare apartheid te ondergrawe en so ook die harte van swart, bruin en Indiër-burgers te wen. 'n Alliansie van die NP en groepe en partye uit dié geledere kan dalk goed vaar - seker darem so tussen 30 en 40 persent van die stem - in 'n een mens, een stem verkiesing. Dit beteken egter ook die ANC moet soveel moontlik ondermyn word in die tussentyd - en daarvan sien ons genoeg. (Dit is seker ook 'n deel van die rede waarom geweld toegelaat word om voort te sleep.)
Die ander been van die strategie, wat selfs geïmplimenteer kan word as die eerste strategie flop en die alliansie kry net, sê, 20 persent van die stem, behels dat die staat, die burokrasie en die ekonomie in die oorgangstyd só gemanipuleer word dat 'n nuwe, verkose regering uiteindelik nie wye keuses sal hê nie. Met ander woorde, 'n regering wat binne eng parameters moet regeer omdat die burokrasie, die ekonomie en die veiligheidsmagte só gestruktureer en geprivatiseer en vasgelê is dat daar nie veel beweegruimte is nie. In nog ander woorde: 'n staat wat deur 'n klomp wit kundiges bestuur word asof dit 'n multi-nasionale maatskappy is.
Die voordele in dié model is natuurlik dat dit 'n heelwat groter kans het op ekonomiese groei, stabiliteit en beleggersvertroue as enige vorm van "people's democracy".
Die ANC se enigste model sover is 'n soort "people's democracy". En dit hou die gevare in van 'n reusagtige, onbeholpe burokrasie, 'n Derde Wêreldse ekonomie en wanordelike regering - en natuurlik op die ou end 'n ondergrawing van werklike demokrasie self.
Uiteindelik gaan dit in die praktyk ook nie in die belang van die gewone mens wees nie, soos die meeste ander "people's democracies" al bewys het. En dit is waaroor dit tog vir ons moet gaan: die belange van die gewone mense.
Dié van ons wat nie deel is van die regerende óf die ANC-establishment nie moet nou begin werk maak daarvan dat geen groot modelle op ons afgedruk word nie.
Vir my lyk dit of 'n kombinasie van die twee voorstelle in die beste belang van ons almal is: 'n demokratiese bestel waar die gewone mens se stem ook gehoor word, maar 'n burokrasie en 'n ekonomie wat werk en sorg dat daar genoeg welvaart is sodat dié soort ware demokrasie bekostigbaar is.
Dit sal beteken dat al die magtige sekurokrate van die huidige bestel verplig sal moet word om hul visiere 'n effe laer te stel, en dat die ANC en Cosatu moet besef dat hulle bereid sal moet wees om kompromieë aan te gaan.




die antwoord op enigiets is nie.
Ek is 'n ma wat my tweede kind verwag. Ek het die reg om te verwag dat my kinders in 'n vreedsame en veilige omgewing kan grootword, en bowenal 'n omgewing waar hulle nie van kleins af leer dat party mense beter is as ander omdat hulle *velkleur* verskil nie.
*Ek is dus* bang vir albei kante van die weegskaal. En ek dink wel dat die AWB ernstig opgeneem moet word. Ek stem saam met Tom dat hulle gevaarlike fanatici is, en oor baie meer mense mag het as wat ons besef. Ons loop die gevaar om dieselfde fout te begaan wat die wêreld begaan het toe niemand wou glo waarmee Hitler besig was nie. Maar ek is ook bang vir die ANC, want hulle hou vol dat geweld OK is.
*(Brief verkort - red.)*

## Let them rest in peace

**David Kessler of Belville writes:**
The shocking revelations that the Government funded political parties in the Namibian elections, paying anonymously into the banking accounts of several political organisations, some of which allege that they did not know whence the funds originated, make interesting reading.
I am immediately reminded of the enquiry in camera regarding General Malan's ex parte statement in Parliament that the late Advocate Anton Lubowski was a "double agent". That issue, as part of the Harms Commission of enquiry into alleged murder squads, presided over by Mr Justice Harms, was considered in camera; the SADF officers were never identified, their "secret" documentation was never publicised and the legal team representing the bereaved and grieving family of Anton Lubowski was not allowed to inspect the documents or cross-examine the officers who tendered the "secret" documents.
It was alleged that certain funds were paid by the State into Lubowski's private account, which untested evidence apparently led Judge Harms to the conclusion that Lubowski was a "double agent" acting for Swapo and at the same time for the State.
Justice Harms was not empowered to investigate the circumstances of the brutal assassination of Anton Lubowski as the Commission was restricted to the activities of the hit and murder squads within South Africa only, although the murders outside the Republic were obviously planned from inside South Africa.
The so-called Harms Commission must be re-opened; Judge Harms should step down and a judge such as the Chief Justice Mr Corbett or Mr Justice Kriegler or Mr Justice Didcott should be appointed in his place to thoroughly evaluate the evidence already given and to receive further evidence regarding political murders outside South Africa. Anton Lubowski's assassination and his alleged involvement as a "double agent" should be openly investigated so that the public and his long-suffering family can find peace of mind. David Webster, Steve Biko, Ric Turner, Timol, Iman Haroun, Dr Neil Aggett, lawyers Griffiths Mxenge and his wife, Victoria, Ruth First, Dulcie September, Jean Schoon and her daughter, Goniwe, Dr and Mrs Rebeiro and innumerable others who were murdered cry out from their graves that they may rest in peace.
Until this happens, South Africa will never regain its conscience and the future will remain dark and dismal. It is not revenge that is sought but identification of the conpirators and assassins. This happened in Argentinia, Chile and now Eastern Europe.
As Shakespeare said: "The truth will out" - The truth must out!
God help us in these dark days!

## Wie betaal?

**"Leseresse" van Durban skryf:**
Ons is trots op VWB. Dankie vir u eerlikheid, regverdigheid en u strewe na geregtigheid.
Ons sal dit opreg waardeer as u in u puik blad 'n artikel sal plaas oor wie die oorsese reis van mev De Klerk betaal. Ons as belastingbetalers sal dit graag wil weet. Min Pik Botha het glo die reis beplan en gereël.
Dankie by voorbaat. Daar is duisende mense wat dit graag wil weet.
Ons spog met VWB.

## Balk of splinter?

**Foldar Vatsug van Pretoria skryf:**
Daar word vryelik in die pers gal gebraak oor R250 000 van die inwoners van ons land se geld wat vir Inkatha-optogte geskenk en dus gemors sou gewees het.
Maar nou, wat van stakings en optogte wat die land na beraming oor die afgelope jaar honderde miljoene gekos het? Dit is geld wat permanent uit ons ekonomie verwyder is - daar word bereken dat die geld wat met 'n gewone optog verkwis word, twee huisgesinne lewenslank sou kon onderhou. Waarom word daar nie in die pers ook hierna gekyk en die verantwoordelikes aan die kaak gestel nie?
Is dit weer 'n geval van die splinter in jou naaste se oog raaksien en nie die balk in jou eie oog nie?

*Vrye Weekblad* plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan:
**VRYE WEEKBLAD BRIEWE, POSBUS 177, NEWTOWN 2113.**

# so sê hulle

"How can I be scared of someone who cannot even say boo to a duck."
**- Mangosuthu Buthelezi referring to Nelson Mandela.**

"Die man is 'n dier. Hy hoort in 'n hok."
**- Die bokser George Foreman oor die swaargewig-kampioen Mike Tyson nadat hy die tweede keer van seksuele molestering aangekla is.**

"Japan is an enemy, does not follow rules and is attempting world domination."
**- Die Franse eerste minister, Edith Cresson.**

"Ek hoop hulle gedra hulself. Ons het nog nooit vergaderings van die KP of die AWB probeer ontwrig nie."
**- Die stafhoof van Umkhonto we Sizwe, Chris Hani, oor die regses van die verre Noord-Transvaal waar die MK-kongres dié naweek gehou gaan word.**

"I'm pragmatic, ambitious, loyal, reliable, punctual, conservative and hardy."
**- Mej Suid-Afrika '91, Diana Tilden-Davis, wat meer as R700 000 ontvang het.**

"SA government funding to Inkatha exposed Pretoria's machinations in fostering division, violence and banditry among the black people."
**- Die Zimbabwiese president, Robert Mugabe, oor FW de Klerk en die geheime befondsing van Inkatha.**

"The military and PW Botha destroyed the name of the normal policeman."
**- Die voormalige voorsitter van die Buro van Staatsveiligheid (Boss), genl "Lang Hendrik" van den Bergh.**

"Speaking to Inkatha is like speaking to the government. They are on the same payroll."
**- Nelson Mandela.**

"Obuwa masepa!" (Jy praat stront!)
**- Eugene TerreBlanche aan Umkontho we Sizwe bevelvoerder Tokyo Sexwale tydens die John Berks Show op M-Net.**

"I never rush into anything with a sharp edge."
**- Conrad Sidego, South Africa's new ambassador to Denmark, and the country's first black ambassador.**

# If you are someone who appreciates friendliness and a desire to please, you should be flying with us.



For us, friendliness comes naturally. We're first and foremost a Brazilian airline. And, as you probably know, Brazilians are good-humoured people, with a style all their own.

You'll be able to sample this friendliness and desire to please, when our crews help you to enjoy one of the best inflight services in the world.

When you are facing a long flight, it's only fair that you should be able to enjoy the pleasure of agreeable company. Try flying with Varig, the airline that is known worldwide for its friendliness and efficiency.

**Time to fly**

**VARIG**

## Inkathagate (Episode 2)

# Nóg bondels SAP-geld aan Inkatha

**Die regering het nou al by verskeie geleenthede en by monde van meer as een kabinetslid die versekering gegee dat die R250 000 wat tot in Maart verlede jaar aan Inkatha betaal is, die enigste en laaste geld van dié aard was. Vandeesweek het 'n polisie-agent aan VWB vertel hoe hy in Februarie vanjaar nog bondels kontant in 'n Durbanse hotel aan dié organisasie oorhandig het. JACQUES PAUW doen verslag**

'N Polisie-informant het vandeesweek vertel hoe hy laat verlede jaar en vroeg vanjaar by drie geleenthede koeverte vol geld van sy veiligheidspolisie-hanteerder ontvang het om aan 'n Inkatha-lid in twee hotelle in Durban te oorhandig. Hy skat daar was R25 000 in elke koevert.

Larry Harold Barnett (alias Michael Klein, alias Michael Carter) het die afgelope twee weke drie ontmoetings met sy hanteerder, sersant Karl Eysele (alias Dave), in Durban gehad en daarna verskeie kere per telefoon met hom gesels. Van dié gesprekke is op band opgeneem en uit die ontmoetings en onderhoude met Barnett het die volgende na vore gekom:

• Barnett was in Julie verlede jaar as polisie-agent betrokke by 'n beoogde wapentransaksie van byna R9 miljoen met 'n Indiër-sakeman van Pretoria. Volgens 'n dokument wat in VWB se besit gekom het, het die sakeman probeer om 2 400 AK-47 aanvalsgewere en 924 ander vuurwapens ter waarde van $2,672 miljoen aan die SA Polisie te verkoop.

• Voor die sakeman die polisie genader het, het hy probeer om die wapens aan "'n ander organisasie" in Suid-Afrika te verkoop. 'n Johannesburgse prokureur en advokaat het vandeesweek erken dat hulle as regsadviseurs by dié transaksie betrokke was. Die sakeman, sê die prokureur, het te kenne gegee dat hy 'n tweede besending wapens het wat te koop is. Dit is egter onbekend of die wapens Suid-Afrika ooit binnegekom het.

• Sowat agt weke gelede, sê Barnett, het hy sowat twaalf blinknuwe AK-47 gewere, steeds in 'n beskermde olielaag, in Karl Eysele se kattebak gesien. Sy hanteerder het aan hom gesê dat die wapens na Umlazi op pad was.

• Eysele, wat in dieselfde afdeling as die omstrede majoor Louis Botha werk, het twee weke gelede al aan Barnett opdrag gegee om op VWB en Sunday Star te spioeneer. Barnett moes in dié twee koerante se kantore instap wanneer die personeel vergaderings gehad het of nie daar was nie en soveel dokumente, notaboeke en dagboeke as moontlik steel.

• Die dokumentasie moes onder meer gesteel word omdat die polisie op soek is na die persoon wat die dokumentasie oor die regering se geldelike hulpverlening aan Inkatha aan The Guardian uitgelek het.

Nadat Barnett vroeg vandeesweek dokumente van die Sunday Star en VWB gekry het, wou Eysele herhaaldelik weet of hy nie die naam van 'n polisievrou, wat sowat drie maande gelede uit die Mag bedank het en van die diefstal verdink word, in 'n notaboek gesien het nie.

• Eysele het verlede week 'n skema aan Barnett verduidelik waarvolgens die polisie-offisier sal sorg dat sy agent op wapenopslagplekke met AK-47's afkom en dit dan aan hom rapporteer. Barnett sal geregtig wees om die beloning van R6 000 per geweer op te eis. Volgens Eysele se skema kan Barnett sowat R25 000 elke drie maande verdien, terwyl hy self 15 persent van die vergoeding kry.

Dié onthullings van Barnett volg enkele weke ná die sogenaamde "Inkathagate" toe die regering erken het dat hy R250 000 aan Inkatha betaal het om twee "anti-sanksie-byeenkomste" te hou. Die regering en Inkatha het erken dat enige verdere betalings aan Inkatha ná Maart 1990, toe die laaste byeenkoms plaasgevind het, gemaak is. Die regering het ook erken dat hy die Inkatha-gesinde vakbond Uwusa finansier het, maar dat dié betalings nou gestaak is. Die regering het ontken dat enige verdere geld aan Inkatha betaal is.

Barnett is in Julie verlede jaar deur Eysele as veiligheidspolisie-agent gewerf. In die voorafgaande paar maande het hy as agent vir die Durbanse Goud- en Diamanttak gewerk. Sy hanteerder by dié tak, adjudant-offisier Adrian Speight, het hom aan Eysele voorgestel.

Kort hierna was Barnett betrokke by die beoogde wapentransaksie met die eienaar van die Hoxies-vismark in Pretoria, Mustak Rawgee. Hy het as polisie-agent verskeie ontmoetings met Rawgee gehad en hom as "Dave" aan Eysele voorgestel. Barnett sê Eysele het hom gesê hy moet aan Rawgee sê dat hy (Dave) daarin belang stel om die wapens te koop. Toe Barnett verlede week aan Eysele vra wat van die wapens geword het, het sy hanteerder gesê: "Moenie daaroor bekommerd wees nie. Dit is alles oor."

Volgens Barnett het hy in Oktober verlede jaar in die Elangeni-Hotel in Durban vir die eerste keer geld vir Inkatha aan iemand oorhandig. Hy sê: "In Oktober verlede jaar het ek hom in 'n Wimpy Bar in Durban ontmoet waar hy 'n koevert aan my oorhandig en gesê het om dit aan iemand in die Elangeni-Hotel te gee. Hy het gesê die persoon weet ek is op pad en wag vir my. Die koevert was vol R50-note en ek skat daar moes sowat R25 000 in gewees het.

"'n Swart persoon se naam was op die koevert geskryf. Toe ek by die Elangeni aankom, het die man op my gewag, opgestaan en die geld by my gevat. Ek het vir Carl gevra vir wie die geld is, maar hy het my gesê om net my werk te doen en nie vrae te vra nie.

"Ek het hom grappenderwys gevra of hy polisiegeld gebruik om sy huislening af te betaal, maar hy het net gelag en gesê die geld is vir 'n baie beter en groter saak," sê Barnett.

Volgens Barnett se dagboek het hy op Donderdag, 27 September, verlede jaar 'n afspraak met iemand in die Elangeni-Hotel gehad. Kort daarna het hy R190 van Eysele ontvang.

Barnett sê hy het nog twee keer geld aan dieselfde man oorhandig. Die tweede keer, sê Barnett, was vroeg vanjaar. Hy het Eysele weer by dieselfde Wimpy Bar ontmoet en 'n soortgelyke koevert aan hom oorhandig. Dié keer was die koevert egter verseël en hy kon nie sien hoeveel geld daarin was nie.

Die derde betaling het 'n maand later plaasgevind. Barnett sê hy het Eysele gevra: "Is this money going to your impi's?" Eysele het net gelag en gesê hy moet nie vrae vra nie.


Voor sy drie ontmoetings met Eysele verlede week, was Barnett twee maande gelede in Durban om sy hanteerder te ontmoet. "Ek het Eysele en Speight in die Wimpy Bar ontmoet. Carl het 'n dik rol note in sy aktetas gehad en ek het hom gevra of dit al weer geld is wat hy aan sy impi's gaan oorbetaal. Ek het hom gevra of die geld wat ek aan die man oorhandig het, vir Inkatha bestem is."

Barnett sê Eysele het net na hom gekyk en geantwoord: "Moet nie so baie vrae vra nie. As jy weet waarheen die geld gaan, moenie vrae vra nie."

Barnet sê hy het Eysele gevra: "Maar is die Zoeloe's dan regtig jou vriende?" Toe antwoord Eysele: "Hulle is méér as net my vriende."

In dieselfde tyd, sê Barnett, het Eysele die kattebak van sy polisiemotor oopgemaak. Sowat twaalf AK-47-gewere het daarin gelê. "Die AK's was splinternuut en nog vol olie en van hulle was toegedraai. Ek het vir Karl gevra waarheen die wapens op pad is en hy het gesê: 'Dis vir die boys in Umlazi.' Ek het nie verder vrae gevra nie."

Barnett het in opdrag van Eysele ook R7 000 in 'n onbekende rekening by die Natalse Bouvereniging inbetaal. Hy het ook vanjaar twee kontant-tjeks ter waarde van meer as R70 000 by Eysele in Durban gekry wat hy Pretoria toe moes bring om aan 'n kafee-eienaar in die stad te oorhandig. 'n Pretoriase prokureur bevestig die bestaan van die tjeks in 'n gesprek met Barnett, maar dit is onbekend vir wie die geld bestem was.


Larry Barnett

© Kopiereg voorbehou

# 'Ek moes duisende AK-47's koop'

**Die polisie-agent Larry Barnett, alias Michael Carter, alias Michael Klein, was verlede jaar in 'n beoogde wapentransaksie in Pretoria betrokke. 'n Indiese sakeman wou sowat R8 miljoen se wapens verkoop. JACQUES PAUW doen verslag.**

LARRY BARNETT was in Julie verlede jaar as polisie-agent betrokke by 'n beoogde wapentransaksie waarby 4 524 AK-47- en ander buitelandse gewere, ammunisie, nagsigtoerusting en bajonette betrokke was.

Barnett het as tussenganger tussen die polisie en die Pretoriase sakeman Mustak Rawgee opgetree wat die wapens, wat deur die Amerikaanse owerhede gekonfiskeer en in die hawe van Los Angeles in 'n skip gelê het, te koop aangebied het vir $2,672 miljoen (bykans R8 miljoen).

Rawgee, eienaar van die Hoxies-vismark in Pretoria, het volgens 'n Johannesburgse prokureur, wat verkies om naamloos te bly, eers die wapens aan " 'n ander politieke organisasie" te koop aangebied voordat hy met Barnett en sersant Carl Eysele van die veiligheidspolisie in Durban begin onderhandel het.

In 'n faksimilee, afkomstig van Hoxies Seafood in Pretoria, word die besending wapens aan voornemende kopers as volg uiteengesit: altesaam 3 600 AK-47-gewere, sommige met opvoukolwe en ander met houtkolwe, en 924 ander gewere, onder meer teen-sluipmoordgewere en swaarloop-masjiengewere.

Die gewere word vergesel van 'n verskeidenheid van magasyne, teleskope, vuurbrekers en bajonette. Volgens die faksimilee is die wapens deur die Federale Direktoraat van Verskaffing en Verkryging in Tseggo-Slowakye vervaardig en deur die Amerikaanse regering in Los Angeles gekonfiskeer.

Dit is onbekend waarheen die wapens op pad was, maar Barnett sê hy het verneem dat die wapens onderweg was na 'n Arabiese land wat deur die Verenigde State as vyandiggesind beskou is. Die besending wapens is aan 'n handelaar in New York oorhandig om van die hand te sit. Die wapens moes in kontant betaal word.

Barnett is deur 'n kommoditeite-makelaar van Johannesburg, Shaun Waters, van die besending wapens in kennis gestel. Hy het sy hanteerder by die Goud-en-Diamanttak in Durban, Adrian Speight, van die wapens in kennis gestel. Speight het op sy beurt vir Eysele na Barnett gestuur. Eysele het vir Barnett gesê om met die onderhandelings met Rawgee voort te gaan.

Barnett het kort hierna aan Rawgee gesê dat hy 'n moontlike koper vir die wapens het, maar dat die koper 'n volledige lys van die wapens wil hê. Die volledige wapenlys is aan Eysele in Durban gestuur. Rawgee het aan Eysele gesê indien die transaksie beklink word, sal Barnett drie persent kommissie kry.

Tydens een van sy besoeke aan Rawgee is Barnett vergesel van 'n Johannesburgse advokaat en 'n prokureur. Die advokaat het buite gewag en foto's van Hoxies geneem terwyl die prokureur saam met Barnett vir Rawgee gesien het.

Die prokureur, wat nie sy naam genoem wil hê nie, het aan VWB bevestig dat Barnett en Rawgee die transaksie beklink het en dat Rawgee sou gesê het dat hy 'n tweede besending wapens beskikbaar het wat tans in Maputo aan wal lê. Die prokureur sê Rawgee het beweer hy kan enige wapen kan kry. Sowel die prokureur as die advokaat sou as regsadviseurs vir die wapentransaksie optree en 'n fooi ontvang.

Eysele en Barnett het mekaar kort hierna in Hillbrow in Johannesburg ontmoet waar die transaksie bespreek is. Barnett het Eysele kort hierna as "Dave" aan Rawgee voorgestel waar hulle ooreengekom het om met die transaksie voort te gaan.

Met die volgende ontmoeting met Rawgee het Barnett aan hom gesê dat die koper 'n volledige lys van al die wapens wil hê en die versekering wil hê dat die besending steeds beskikbaar was. Daar was 'n tien persent deposito wat betaal moes word.

Barnett sê dat Rawgee nooit geweet het dat hy met die SA Polisie onderhandel het nie. Die sakeman het voorgestel dat óf Barnett óf "Dave" hom na die Verenigde State moet vergesel om na die besending wapens te gaan kyk. Die laaste keer dat Barnett vir Rawgee gesien het, was toe die sakeman sy visum by die Amerikaanse konsulaat in Johannesburg kom haal het.

Eysele het in 'n stadium vir Barnett gesê dat hy self verder die saak sal hanteer. Barnett het nooit enige iets verder van die saak verneem nie.

Beide die prokureur en die advokaat is onseker of die wapens ooit Suid-Afrika binnegekom het. Shaun Waters is ook onseker of die wapens ooit Suid-Afrika binnegekom het, en het gesê dat hy doelbewus "al die gebeure van sy gedagtes afgevee het."

Mustak Rawgee was vandeesweek nie vir kommentaar beskikbaar nie omdat hy met besigheid in Mosambiek was. Sy broer, Karim, wat ook by van die ontmoetings was, het vandeesweek ontken dat hy iets van enige wapentransaksie weet. Hy het gevra dat VWB die faksimilee aan hom moet stuur. Kort daarna was hy nie meer beskikbaar nie.

Toe Karim Rawgee egter vroeër vandeesweek deur Barnett oor die wapentransaksie uitgevra het, het hy dit bevestig, maar bygevoeg: "No, we decided we are not going for it."





MET BTW SAL VERVOER JOU NIE IN DIE WIELE RY NIE

As jy bekommerd is dat jy BTW op daaglikse vervoer soos taxi's, busse en treine sal moet betaal, wees gerus.
Jy betaal geen BTW op hierdie soort reisgeld nie.

BTW. 'N BETER BELASTING VIR 'N BETER SUID-AFRIKA.

HUNT LASCARIS TBWA 106194


© Kopiereg voorbehou

# SAP se 'dirty tricks' teen koerante duur voort

**Met die ontbinding van die veiligheidspolisie vroeër vanjaar het generaal Basie Smit die versekering gegee dat die dae van polisie-spioene iets van die verlede is. Vandeesweek het die polisie-informant Larry Barnett hom verkeerd bewys,**

skryf **JACQUES PAUW**

LARRY BARNETT, veiligheidspolisie-agent van Johannesburg, is verlede week deur sy hanteerder in Durban opdrag gegee om notaboeke, dagboeke en dokumente by *Vrye Weekblad* en *The Sunday Star* te steel en foto's te probeer neem van die restaurant waar joernaliste van dié koerante gewoonlik eet.

Barnett het sowat drie weke gelede opdrag van sersant Karl Eysele in Durban ontvang om onmiddellik 'n lys van name van die joernaliste van *The Sunday Star* aan hom te stuur. Nadat Barnett dit gedoen het, het Eysele hom na Durban ontbied.

Die onthulling rondom die polisie se volgehoue spioenasie op koerante volg enkele maande nadat die veiligheidspolisie ontbind is en in 'n nuwe speureenheid saamgesnoer is.

Die hoof van die eenheid vir Misdaadbestryding en Ondersoek, luit-genl Basie Smit, het in 'n onderhoud ná die ontbinding van die veiligheidspolisie gesê dat lede van dié eenheid nou net 'n "bobby on the beat" word - met die uitsluitlike oogmerk om misdaad te bestry en die mense van Suid-Afrika te dien.

Smit het gesê dat die dae van "spioene en loerders" iets van die verlede is. Verwysende na polisie-informante, het Smit gesê: "Hulle sal na werk moet gaan soek... kyk maar om jou heen, jy sal hulle sien smeek om werk."

Verlede week het Barnett drie ontmoetings met Eysele gehad, wat hom opdrag gegee het om dié twee koerante van dokumente te plunder. Volgens Barnett het Eysele gesê dat dié projek sy hoof, maj Louis Botha, se goedkeuring wegdra.

In van die gesprekke tussen Barnett en Eysele, wat op band opgeneem is, gee Eysele sy informant opdrag om by die koerantkantore in te stap en te gryp wat hy kan.

Indien hy sou gevang word, het Eysele gereël dat die dienste van 'n Durbanse prokureur, Christo Nel, tot Barnett se bystand sou wees.

Nadat Barnett van die dokumente in die hande gekry het, het hy vir Eysele gebel en hom vertel van sy fonds. Die gesprek het as volg verloop:

Barnett: "I've got the stuff from the papers. I don't know whether it is any good though."

Eysele: "What sort of stuff?"

Barnett: "I actually stole a file."

Eysele: "What file?"

Barnett: "I went down to the *Vrye Weekblad*. On Mondays hardly anybody in there...I stole whatever was in the tray."

Eysele: "Well, did you have a good look at it?..."

Barnett: "Then I went down to *The Star* and into their library and grabbed what I could."

Eysele: "Is there anything interesting? Give me a bit... That sounds quite interesting, what kind of stuff?"

Nadat Barnett van die dokumente aan Eysele voorgelees het, sê die polisieman: "That sounds wonderful, that sounds great... It looks as though you have done a great job there."

Barnett: "I have also stolen notebooks."

Eysele: "That is wonderful, tremendous, you've done a great job... you've got to take it easy now... just hang in there.... a great job, China."

Tydens die eerste ontmoeting tussen Barnett en Eysele in die Malibu Hotel op 1 Augustus sê die polisieman dat hy ook onder verdenking is ná die verdwyning van die geheime polisiedokumente. Hy het ook gesê dat alle fondse vir informante en ander geheime projekte vir een week bevries is tot tyd en wyl oudits afgehandel is.

Barnett het Eysele vertel van 'n ontmoeting wat in 'n restaurant naby die Markteater tussen joernaliste van *The Sunday Star* en *Vrye Weekblad* met die ANC-leier Terror Lekota plaasgevind het. Volgens Barnett het Eysele na Lekota as "the nugget with the missing tooth" verwys.

Barnett het dieselfde dag 'n afspraak gehad met Louis Botha, wat hy al voorheen ontmoet het, maar die majoor kon nie die afspraak nakom nie. Tydens die tweede ontmoeting tussen Barnett en Eysele het die polisieman 'n skema aan Barnett voorgestel waarvolgens albei heelwat geld onwettig kon maak.

Eysele het op 'n stuk papier aan Barnett verduidelik dat hy kan reël dat Barnett wapenopslagplekke "ontdek" en die vergoeding van R6 000 vir elke AK-47-geweer ontvang. Eysele het gesê indien hy self 'n wapenopslagplek ontdek, word hy niks daarvoor betaal nie, want dit is deel van sy werk. Maar indien Barnett dit ontdek, kan hy die vergoeding ontvang en 'n 15 persent kommissie aan Eysele betaal.


Die polisieman het 'n skema uitgewerk waarvolgens Barnett elke drie maande 'n wapenopslagplek ontdek waarvoor hy R25 000 kan ontvang. Eysele het gesê hy ontvang as polisieman nie genoeg geld om sy gesin te onderhou nie. Sy vrou is verwagtend.

Tydens dié ontmoeting het Eysele herhaaldelik aan Barnett gesê dat wanneer hy die dokumente van *Vrye Weekblad* en *The Sunday Star* steel, hy moet soek na die naam van 'n polisievrou wat die mag onlangs verlaat het. Dié vrou word daarvan verdink dat sy die dokumentasie oor die geld vir Inkatha gesteel het.

Die derde ontmoeting het op 2 Augustus plaasgevind waartydens Eysele 'n kontanttjek van R100 aan Barnett oorhandig het. Die finale reëlings vir die steel van die dokumente van die twee koerante is ook by dié ontmoeting getref.

Eysele het aan Barnett gesê dat hy die gesteelde dokumentasie binne sewe dae wil hê en self na Johannesburg sal kom om die dokumente te kom haal.

By dieselfde ontmoeting het Eysele gesê hy en 'n kolonel het die vorige aand 'n ontmoeting met "drie Zoeloe's" gehad.



JUL-09-'90 MON 10:28 ID:HOXIES SEAFOOD TEL NO:012 3234368 #997 P01

O F F E R C O V E R S H E E T

AK-47 SEMI-AUTOMATIC LIGHT MACHINE GUNS

ITEMS: AK-47 MODEL M70 WOOD STOCK, CALIBER 7.62X39, 1,200 UNITS
AK-47 MODEL M70A FOLDING STOCK CALIBER 7.62X39 1,200 UNITS
AK-47 MODEL M77B1 WOOD STOCK, CALIBER 308 (NATO) 1,200 UNITS
[illegible] HEAVY BARREL MODEL, CALIBER [illegible] 500 UNITS
R.P.K.-47 MODEL M77B1 HEAVY BARREL MODEL, CALIBER 308 (NATO) 379 UNITS
MODEL M76 COUNTER SINPER RIFLE, CALIBER 7.9X57 8mm MAUSER 45 UNITS

ACCESSORIES FOR RIFLES

75 ROUND DRUM MAGAZINES, SCOPE MOUNTS, 30 ROUND DRUMS, 20 ROUND DRUMS, MUZZLE BRAKES, RIFLE SCOPES STANDARD MILITARY ISSUE AND WIRE CUTTING BAYONETS.
TOTAL 518 PCS.

MANUFACTURE: FEDERAL DIRECTORATE OF SUPPLY AND PROCUREMENT BEOGRAD YUGOSLAVIA YEAR OF MANUFACTURE [illegible]

LOCATION: LOS ANGELES CALIFORNIA U.S.A.
F.O.B.: SAME

PRICE: MACHINE GUNS $2,606,742.00 ACCESSORIES $65,658.00
TOTAL $2,672,400.00 U.S.D

TERMS: CASH ONLY

AVAILABLE: KNOW

REASON FOR SALE: U.S. GOVERNMENT SEIZED, NOT TO BE SOLD IN U.S.A. ANY LONGER.

NOTE: PRICE IS FIXED BUT HAS A 3% BROKERS COMMISSION BUILT IN. FURTHER INFORMATION AND PURCHASING TERMS IS AVAILABLE ONLY WITH COPY OF LETTER FORM PRINCIPAL BUYER. BUYER MUST BE ACCEPTABLE TO U.S. GOVERNMENT.

JUNE 6,1990

MUSTAK RAWGEE = 012-3236182 (w)

Die faksimilee is in Julie verlede jaar deur 'n Pretoriase sakeman aan voornemende wapenkopers gestuur. In die faksimilee word duisende AK-47-gewere teen 'n prys van bykans R8 miljoen te koop aangebied.

By dieselfde ontmoeting het Eysele nog 'n geldmaakskema aan Barnett voorgestel waarvolgens die agent gesteelde kredietkaarte sal ontvang en vergoeding by 'n bank sal eis

• Barnett moes die afgelope maande sowat sestien antwoordmasjiene in Johannesburg koop en vir Eysele in Durban stuur. Verlede week is twee masjiene aan Eysele oorhandig en vandeesweek wou hy nog twee hê. Barnett moet die geld vir die masjiene by 'n kafee-eienaar in Pretoria gaan afhaal, 'n bepaalde model by 'n sekere winkel koop en agterna die koopstrokies vernietig. Elke keer as hy Eysele vra waarvoor die masjiene is, sê hy: "Moenie vrae vra nie."

• Larry Barnett staan op die oomblik tereg op aanklagte van bedrog van R6 250 nadat 'n diamanttransaksie skeefgeloop het.

Barnett, wat in Randfontein grootgeword maar Suid-Afrika reeds op 18-jarige leeftyd verlaat het om in Israel te gaan woon, sê hy was 'n lid van die Israeliese geheime diens voordat hy uiteindelik in Londen en Kanada gaan woon het.


Hy is in 1989 as agent vir die Durbanse Goud- en Diamanttak gewerf en het aan verskeie klopjagte deelgeneem. Hy het ook besighede in Durban en Johannesburg besit voordat hy in finansiële moeilikheid beland het.

Toe hy as polisie-agent vir die Durbanse veiligheidspolisie gewerf is, moes hy 'n psigologiese toets ondergaan en het hy die Wet op die Beveiliging van Inligting onderteken.

Een van die eerste opdragte wat hy vir die veiligheidspolisie gedoen het, was om op 'n verdagte in die Vula-sage in Hillbrow te spioeneer. Dié persoon, 'n Johannesburgse apteker, is later in Durban in hegtenis geneem en aangehou.

© Kopiereg voorbehou

# BTW vir die dom ou




Op 30 September word AVB (Algemene Verkoopsbelasting) vervang deur VAT (Value Added Tax), soos dit wêreldwyd bekend staan, of op Afrikaans, BTW (Belasting op Toegevoegde Waarde). Maar hoe de hel werk dit? Veral die gewone ou is nog baie onkundig -soos die huisvrou wat verontwaardig kla oor **BTW** wat sy op haar huishulp se salaris moet hef. **INA VAN DER LINDE** het met Peter Franck van die kantoor van Binnelandse Inkomste gepraat, in die hoop dat dit so effe meer helderheid sal bring.

## WAAROM BTW IN PLAAS VAN AVB?

BTW is om veral drie redes beter as AVB.

* Met AVB kan 'n ondernemer - dis nou enigeen wat op 'n gereelde basis goedere teen vergoeding lewer en 'n omset van meer as R150 000 per jaar het, en wat as sakebedryf by Binnelandse Inkomste geregistreer is - net iets belastingvry aankoop indien hy/sy dit weer óf net so óf in 'n verwerkte vorm gaan verkoop. Die ondernemer verhaal dan die AVB wat hy/sy betaal het, in die vorm van hoër pryse van die verbruiker.

Met BTW word al die belasting wat 'n ondernemer betaal, afgetrek van die belasting wat hy/sy van die verbruiker invorder. Dit sal mettertyd tot laer pryse lei.

* AVB belas net goedere, soos meubels, klere, motors, kos, ens. Dit is 'n feit dat die minder gegoedes die meeste van hul inkomste aan goedere bestee. Hierteenoor belas BTW ook dienste, wat hoofsaaklik deur die meer gegoedes geniet word. Dit is dus 'n regverdiger stelsel as AVB.

* BTW sal die ontduikers van belasting beter vasvat, want dit skakel die misbruik van sertifikate uit. Sertifikate word in die AVB-stelsel uitgereik aan ondernemers wat by Binnelandse Inkomste geregistreer is, terwyl kleiner ondernemings met 'n omset van minder as R150 000 elke keer belasting op belasting moet betaal.

Veral die klein sakebedrywe (die kafee op die hoek, tuisnywerhede, ens) het met die AVB-stelsel dikwels sertifikate vervals om belasting te ontduik, of ander metodes (die oop-geldlaai-metode) gebruik om hul eie sakke te vul.

BTW word stuksgewys deur alle sakebedrywe ingevorder, sodat 'n kleiner gedeelte in elke fase van ontduiking blootgestel word. Binnelandse Inkomste kan ook beter beheer uitoefen en ontduikers makliker vasvat.

## HOE WERK DIT?

BTW word deur elke ondernemer in die handelsketting gevorder - dié BTW word UITSETBELASTING genoem. Dit is die 12 persent wat 'n verkoper of verskaffer op elke produk of diens van die volgende persoon invorder. Dis ook wat die belasting genoem word wat die eindverbruiker, Jan Publiek, betaal.

Die bedrag wat die ondernemer betaal vir die aankoop van 'n produk of diens, word die INSETBELASTING genoem.

Die ondernemer trek die INSETBELASTING (wat hy betaal het) af van die UITSETBELASTING (wat hy ingevorder het), en die verskil tussen die twee word oorbetaal aan Binnelandse Inkomste.

Dié metode keer dat belasting op belasting gevorder word, en voorkom die misbruik van sertifikate, soos wat met AVB dikwels die probleem is.

## BTW WERK IN DIE PRAKTYK DUS SÓ:

'n Visserman vang sy eie vis ter waarde van R100 en betaal dus geen INSETBELASTING aan 'n verskaffer nie. Hy verkoop die vis vir R112 (R100 plus 'n UITSETBELASTING) van R12. Hy trek die insetbelasting (R0) van die uitsetbelasting (R12) af en betaal BTW van R12 aan die Ontvanger.

'n Groentewinkel koop R100 se groente van 'n verskaffer en betaal die verskaffer 'n INSETBELASTING van 12 persent - R12. Die groentewinkel verkoop die groente aan die publiek vir R168 - 'n duurder prys van R150 om wins te maak, plus R18 UITSETBELASTING. Die winkel trek die insetbelasting van R12 af van die uitsetbelasting van R18 - en betaal die Ontvanger R6 BTW.

## HOE GAAN BTW DIE GEWONE OU RAAK?

Met die oorskakeling na BTW gaan goedere en dienste wat voorheen nie belas is nie, effens duurder word en dié wat wel belas is, goedkoper. Die staat gaan minder belasting met BTW vorder as met AVB (R19 biljoen ipv R20 biljoen).

Van een ding gaan mens nie wegkom nie: welgestelde huishoudings sal ietwat meer betaal omdat BTW 'n ware verbruikersbelasting is - hoe meer bestee word, hoe meer belasting word betaal.

Aan die ander kant sal die feit dat die belasting nie meer deel uitmaak van sakebedrywe se koste nie, 'n dempende uitwerking op prysstygings hê.

BTW is ook inklusief: die prys wat jy sien, is die prys wat jy betaal.

Die privaat verkoper wat sy motor of huis aan iemand anders verkoop, hoef geen BTW te betaal nie.

Mense met klein besighede kan buite die BTW-stelsel bly. Hulle moet hulle net as ondernemers registreer indien hul verkope R150 000 per jaar oorskry. Klein ondernemers betaal dus BTW op hul aankope (nes die verbruiker), en voeg die BTW by hul verkope. Die toevoeging in waarde - die verskil tussen hul aankope en verkope - word dus nie belas nie.

## WAT WORD NIE BELAS NIE?

Hier is 'n lys van produkte en dienste (met 'n omset van meer as R150 000) wat belasbaar sal wees en dié wat nie belasbaar sal wees nie:

**BTW word betaal op:**
professionele gelde (advokate, rekenmeesters, prokureurs)
huurmeisies
weddenskappe op perdewedrenne
bioskoopkaartjies
boeke
boumateriaal
gratis of lae koste-verblyf verskaf deur werkgewer
kommissie op eiendomsagente
elektrisiteit
riolering\water\vullisverwydering
herstelwerk
hotelverblyf
klere
klub-ledegeld
lugreise (binnelands)
maatskappymotors (net lopende koste)
medisyne
hospitaalkoste
nuwe wonings
motorhuur
kopiereg en handelsmerke
restaurante
telefone
veearts\dokters
wildtuintoegangsgelde
sporttoegangsgelde

**Geen BTW word betaal nie op:**
aandelemakelaarsloon
bakkoste
behuisingsubsidies
salarisse en lone
deeltitelheffings
mieliemeel\bruinbrood
huurmotorgelde
motorlisensies\hondelisensies
inkomsteseëls
munisipale erfbelasting
parkeermeters
pensioenfondsbydraes
privaat verkope (motors\huise)
rente betaal of ontvang
skoolgelde
staatsubsidies aan welsynsorganisasies
universiteit-\technikongelde
treinkaartjies
uitvoer (behalwe TBVC-lande)
verkeersboetes
verbandpaaimente
huishuur


IDASA

**DEBATE ON SECRET FUNDS AND TRANSITIONAL MECHANISMS:**

* Has a government a right to finance political formations from secret funds?

* Should there be a multi-party commission of inquiry into secret funds?

* What about interim mechanisms that the State President has spoken about?

**PROPOSED SPEAKERS FROM:**
NP, ANC - Mohammed Valli, DP, INKATHA - Musa Myeni and PAC
Chairperson: Murphy Morobe

**DATE:** 15 AUGUST 1991 (THURSDAY)
**TIME:** 12h00 to 16h00
**FEE:** R20 per person (lunch included)
**VENUE:** Protea Gardens Hotel
35 O'Reilly Road
BEREA

Come and listen to different views on these questions.

BOOKINGS TO IDASA 484-3694\7



Niel Barnard

# Die arm man se Lang Hendrik?

**Staatspresident FW de Klerk het in sy eerste bewindsjaar verskeie veranderings aan die nasionale veiligheidstelsel aangebring. Maar die veiligheidsinligting waarop Staatspresident FW de Klerk klaarblyklik deesdae reageer, laat die vraag ontstaan: is een stel valke nie nou net deur 'n ander vervang nie?**

**HENNIE SERFONTEIN** doen verslag

DIE veranderings die afgelope jaar in die nasionale veiligheidstelsel het 'n aansienlike vermindering in die invloed van die militêre, en groter insette deur nie-veiligheidsdepartemente en burgerlikes tot gevolg gehad.

Maar noudat die weermag weer op die agtergrond gedwing is, het Niel Barnard, die hoof van die Nasionale Intelligensiediens, as die belangrikste figuur in die nuwe staatsveiligheidsopset na vore getree.

Barnard is dié week deur "hervormingsgesinde" elemente in die sekurokrasie as 'n "fundamentalis", 'n "maniese kommunistehater" en "eintlik maar 'n PW-tipe" beskryf.

Die vorige Staatspresident, PW Botha, het die magsposisie wat NI se voorganger, die Buro vir Staatsveiligheid, gehad het, verbreek en die militêre oppermagtig gemaak. NI staan onder FW de Klerk weer heelwat sterker.

('n Politikus wat al 'n stel met Barnard afgetrap het, het die NI-hoof juis nou die dag "die arm man se Lang Hendrik van den Berg" genoem.)

Die nuwe veiligheidstelsel werk soos volg:

Die Staatveiligheidsraad is vervang deur 'n kabinetskomitee vir Veiligheidsake (KKV). Dit bestaan uit die Staatspresident en die ministers van Verdediging, Justisie, Wet en Orde, Buitelandse Sake en Finansies.

Die Koördinerende Inligtingskomitee (KIK), onder voorsitterskap van Barnard, staan los van die KKV en sluit in die direkteurs-generaal van genoemde departemente. Voorheen het dit regstreeks onder die Staatspresident se beheer gestaan, maar nou is dit onder toesig van Theo Alant, wat ook adjunkminister van Finansies is.

Dit beteken dat Alant saam met die NI streng beheer oor die finansiële kant van geheime projekte sal kan uitoefen.

Die Nasionale Koördinerende Sentrum (NKS) is gesetel in die Uniegebou en is onder beheer van Hennie Botha, voorheen 'n brigadier in die Gevangenisdiens.

Die NKS skakel regstreeks met die KKV en doen voorleggings. Dit is 'n liggaam wat alle inligting oor veiligheid, politieke, maatskaplike en ekonomiese sake koördineer.

Sou die KKV byvoorbeeld 'n bepaalde optrede beplan, gee die NKS 'n inset om te keer dat daar oorvleueling deur 'n ander departement plaasvind.

De Klerk is baie gesteld daarop dat die veiligheidsopset nie moet oorvleuel met take wat reeds gedoen of beplan word deur die departement wie se lynfunksie en verantwoordlikheid dit in die eerste instansie is nie.

Staatsdiensbronne sê dié week aan VWB in die PW Botha-era het die weermag eenvoudig net gedoen wat hulle wou. In menige gevalle was daar gruwelike oorvleueling met waarmee nie-veiligheidsdepartemente reeds besig was.

Dan is daardie plaaslike koördinerende komitees wat die nasionale veiligheids-bestuurstelsel vervang het. Dit werk op plaaslike vlak en word op streeksvlak deur 'n gesamentlike koördinerende komitee beheer.

Dit verskil in twee belangrike opsigte van die gesamentlike bestuurskomiteestelsel (GBS) van die verlede. Sowel op plaaslike as streeksvlak is die voorsitters of sameroepers altyd burgerlikes. En die nie-veiligheidsdepartemente word meer ingetrek as in die verlede.

# So het die wiel gedraai...

DIE oorplasing vroeër vanjaar van 'n senior amptenaar van die Nasionale Intelligensiediens (NI), Mauritz Spaarwater, na 'n sleutelpos in die Departement van Staatkundige Ontwikkeling, word in politieke kringe as een van die mees komies-ironiese gebeure in baie jare gesien.

Want dit vind plaas haas twee jaar nadat op die hoogste vlak deur NI besluit is om in te gryp en toe te sien dat die veiligheidsklarings van twee van Staatkundige Ontwikkeling se top-amptenare teruggetrek is.

Die een se oortreding was die onvergeeflike sonde om glo kontak met die ANC in Lusaka te gehad het. Die ander se sonde was dat sy vrou lid was van die Black Sash, wat nooit 'n verbode organisasie was nie.

Hulle is Kobus Jordaan, tans die DP-LP vir Umhlanga, en Fanie Cloete, nou professor in Ontwikkelingstudies aan die Randse Afrikaanse Universiteit.

Spaarwater was 'n adjunk-direkteur-generaal van NI. Sy taak was onder meer 'n evaluering en analise van die politieke situasie vanuit 'n intelligensie-hoek. Hy was eers prokureur en is daarna by Militere Intelligensie (MI) voordat hy na in 1981 na NI is.

Spaarwater is in Maart vanjaar oorgeplaas van NI na Staatkundige Ontwikkeling as hoofdirekteur van 'n nuwe direktoraat. Sy taak is tweeledig. Enersyds moet sy direktoraat die politieke situasie ontleed en alle politieke partye evalueer, veral met betrekking tot die onderhandelingsproses. Andersyds speel dit 'n ondersteuningsrol in die onderhandelingsproses.

Spaarwater sê dié week aan VWB: "Ek verkies om niks oor my oorplasing te sê nie."

Ironies genoeg, nieteenstaande die bedenklike rol van die NI in die vroeëre stadium van die onderhandelingsproses, het die ANC self 'n hoë dunk van Spaarwater as mens.

Hy was dan ook die persoon wat in Desember 1989 die eerste formele geheime ontmoeting namens die regering met die ANC in Genève, Switserland, gehad het. Dié gesprek met 'n paar top ANC leiersfigure waaronder Thabo Mbeki is eers deur die Staatsveiligheidsraad goedgekeur. Dit was slegs drie maande nadat FW de Klerk as Staatspresident by PW Botha oorgeneem het.

Spaarwater was dan ook van meet af lid van die gesamentlike werkgroep van die ANC en die regering wat ná 2 Februarie verlede jaar in die lewe geroep is om die verskeie struikelblokke in die weg van ware onderhandelings aan te pak.

Einde Oktober 1988 het 'n politieke storm losgebars om Jordaan en Cloete se koppe toe hulle hul veiligheidsklarings verloor het.

Dit het veral gegaan om die posisie van Chris Heunis, die destydse minister.

VWB verneem dié week dat hooggeplaaste inligtingsfigure verantwoordelik was vir die lekkasie aan die pers. Die doel was dat PW Botha vir Heunis deur Pik Botha moes vervang.

En in NI-kringe was daar diepe besorgdheid oor die "linkse inslag" van Staatkundige Ontwikkeling en die soort "radikale voorstelle" deur Cloete en Jordaan. Dié twee was gekant teen die noodtoestand en het regstreekse onderhandelings met die ANC en die ontbanning van alle politieke organisasies bepleit.

Dit is ook bekend dat Niel Barnard, die direkteur-generaal van NI, so laat as Oktober 1989 persoonlik die besoek van voorte Afrikanerfigure, waaronder Willie Esterhuyse, aan die ANC teengestaan het en probeer keer het.

Barnard se standpunt in daardie stadium was volgens ingeligte regeringsbronne soos deur die jare heel eenvoudig en simplisties: Die ANC is die vyand. Die regering is besig om die oorhand te kry en binne 'n kort tydjie sal die ANC verslaan en geen wesentlike faktor meer wees nie. Moet nie met hulle praat nie.

Sy advies is verwerp, en daardie geheime ontmoetings in Engeland - reeds die derde in 'n reeks - het inderdaad die weg voorberei vir die latere NI-ontmoeting met Mbeki die einde van die jaar.

Maar Barnard en NI het voortgegaan om die ANC te sien en te behandel as Vyand Nommer Een. Dit is bekend dat tot Augustus verlede jaar nog Barnard en die NI-leierskap dit by meer as een geleentheid baie duidelik gestel het dat 2 Februarie 1990 niks verander het nie en dat die ANC nog steeds 'n aartsbedreiging was.

VWB verneem dat nadat Cloete en Jordaan se koppe gerol het, NI besluit het om hul eie beplanningseenhede oor die politiek, die ekonomie en verwante sake in die lewe te roep, parallel met dergelike instellings soos Staatkundige Ontwikkeling.

Fanie Cloete sê die volgende oor die nuwe rol van Spaarwater en die bekering van die NI tot onderhandelings met die ANC: "Ek vind dit interessant dat die beleid van die regering slegs 14 maande nadat teen ons opgetree is, sodanig verander het dat die redes waarom teen ons opgetree is, nou skielik regeringsbeleid geword het." - HENNIE SERFONTEIN

### ode aan die sinkende

# koeksisters

## egbertus klaagvoort

VRINDE, die Koeksistergilde is aan die sink. Voorwaar, met 'n trompetgeskal syg die gedoente in die goue stroop af, vinniger as 'n Griekse bemanning. Seg Oswald praat van Greeced lightning, foei tog, Oswald se grammatika is van die derde wêreld. Spektakel van die jaar is die susters wat soos rotte 'n sinkende koeksister verlaat, nevermind die paying public wat maar moet toustaan vir 'n uitkomkansie. Oswald se oë is wit soos pierings, seg die stomme siel hy het pas vir Moeder op die water sien loop. Kom by, geliefde Oswald, sy loop maar net op stroop, en almal weet tog stroop is dikker as water. Nietemin is die Klaagvoorts nooit ver van 'n wonderwerk af nie, hoewel nooit naby genoeg nie.

Intussen voel 'n minister dis tyd om homself aan te kondig, die naam is Welgemoed neef, en die portefeulje vervoer dink ek. Vra Moeder maar kan dit dan wees, wat het dan van Ben Schoeman geword? Iedergeval, seg die minister, daar sal ondersoek word waarom die gilde ondergaan en waarom die susters eerste gered moes word. Seg Miesies Klaagvoort dis mos nou in die beste belang van die gemeenskap, die beste stuurman staan mos aan wal.

### NUWE KABINETSBESEM

Die nuwe kabinet sal seker darem 'n rukkie lank soos 'n nuwe besem te kere gaan, net om die illusie van Skoon Administrasie in te burger. Het julle ook 'n soort déjà vu, geliefdes? Nie te lank gelede nie het John Vorster na die veiligheid van die presidensie gevlug nadat sy skelmstreke hom ingehaal het. En wat gebeur toe?

Met 'n gegons van wysvingers betree die voormalige Volkslied die moral high ground en belowe ons een ding saam met ons rassisme en armoede: Skoon Administrasie. Praat van leë beloftes: Madam de Klerk se man pak nou netjies al die skuld vir die dirty tricks en verneukery op die PW Botterkopdinastie terwyl hy en sy makkers hul handjies in onskuld wring. Was Madam se man nie in die kabinet toe al dié ongerymdhede beplan of gepleeg is nie? En Sneeuvlok, witter as wit en vromer as die vroomstes? En Pik? Et al? Luister mooi, vrinde, dan hoor julle die dawerende stiltes in die raadskamers waar dié gekonkel opgekook is: niemand het ooit beswaar gemaak nie. Klink dit dan effens hol vir julle as Madam de Klerk se man nou plegtig verseker dat daardie klas van ding uit 'n vorige administrasie kom en dat ons voortaan Skoon Administrasie sal hê...

### MAGNUS SE GEHEIME WAPEN

Moeder is tog te opgewonde oor al die mooi jong gesiggies in die kabinet, kyk ma geen hande, ek's vir oulaas 'n minister. Fraaiste is natuurlik Roelfie dinges, en boonop moet hy nou Magnus PI se afgryslike aftershave voltstaan. Roelfie was self 'n soldaat, sy taak in die weermag was om te sing. Seg Miesies Klaagvoort dit was dalk Magnus se geheime wapen, dalk het hulle hom oral op die slagvelde rondgedra in 'n kanarie-kou, soos op die myne. Seg Moeder gewyd dan sing hy seker Nader my God by U en die vyand laat spat soos 'n Griekse skeepskaptein. Van vyand gepraat, was dit Pikkewyn wat nou die dag gesê het die boereverneukery was in orde omdat onse soldate besig was om die vyand aan te durf? Iedergeval, die afskaffing van die Groepsgebiedewet het beslis nie die mentaliteit reggestel nie: swartmense wat veg vir 'n plekkie in hul geboorteland bly maar steeds die vyand, al is hulle die helde van die meerderheid van die bevolking. Lyk of Leon Wessels ook van sy bekentenis herstel het, en so stilletjies word hy toe ook 'n baas. Vra Moeder of die kêreltjie dan nie te stom is vir 'n hoge posisie nie? Seg Miesies Klaagvoort a nee a, stille waters diepe grond, empty Wessels makes the most noise.

Lekkerste van die nuwe ministers van kragdadigheid is dat hul vanne sulke lekker rympies maak, is daar dan enigiets wat nie met Meyer of Kriel rym nie? Julle onthou sweerlik vir Ronnie Reagan, Amerika se intellek van die eeu, wat gevra is om 'n dier te noem wat rym met cat? Seg hy: "Potato! Oh no, too many letters." Nouja, hier's die Klaagvoorts se pogings:

Moeder: *Roelfie dinges*
*woon in 'n ministeriële woning*
*hy had sovele kinders hy weet nie*

Miesies K: *Sy Edele Meyer*
*is verknog aan die ryer*
*elke twee jaar*
*is die voël weer daar*

Oswald: *Baas Meyer*
*is a mean vryer*

Egbertus se Ode aan Hernia Kriel: *Hernia Kriel*
*het 'n stywe*
*taak*

### SAL ABE DIE BAL SIEN?


So tussen al die histerie deur, dierbares, het 'n anderskleurige by die agterdeur ingeglip, soos dit seker hoort. Sy Edele Abe Williams is so anderskleurig as die vyand, beide synde dit wat nie wit is nie.

Moeder onthou nog die token Ingelse, maar met hulle het dit nie te goed gegaan nie, kon nie juis voorbankers in die Broederbond word nie. Dan was daar Sy Edele A Ragsbanjo, bittereinder maar te slu vir selfs die sluuste regering. En dan was daar die reverend Allan watsenaam wat die gety wou stuit deur in verbode waters te baai. En nou is daar Abe. Vir die Skoon Administrasie moet hy nou wees wat Erol Tobias vir die Springbokspan moes wees. Hulle het darem soms vir Erol die bal gegooi, as 'n gebaar. Vra Oswald of Abe darem sy kinders na 'n skool naby sy huis sal kan stuur, noudat hy in 'n wit gebied mag woon?

### WIT SLUSH PUPPIES

Egbertus despair oor die Nuwe Zuid-Afrika. Lesers van die Argus-koerant het laat weet dat die Inkatha-skandaal white South Africa's favourite black se image eerder 'n boost gegee het as die teendeel. Dis om van te ween, die liggelowigheid en die aanvaarding van regeringsgekonkel en ministeriële onbeholpenheid. Die vredesduif van Ulundi kan hom maar gereed maak om duisende rande van die onkritiese wittes te ontvang om op te maak vir die verlore slush-geldjies. Seg Moeder give the native a shilling.







" ... en hierdie een is gewaarborg om die man in jou uit te bring!"

# lanse & drake

'n gebreek en 'n gesteek, deur Tim en Matt Sandham

## en die wenners is ..

VERLEDE naweek was daar 'n oorvloed van mooi meisies op Suid-Afrikaanse TV te sien. TV1 het die Model '91 wedstryd op Vrydagaand aangebied en sodoende M-Net se aanbieding van die Mej Suid-Afrika wedstryd voorgespring. Albei wedstryde is reeds weke voor die tyd aan ons geadverteer. Prikkelende snapsies van wulpse kurwende prulmondtieners is aan ons gewys. Bill Faure - hy wat ons 10 000 naakte borste gegee het in *Shaka* - was nie net vir die Grande Finale verantwoordelik nie, maar ook vir 'n lokprent wat op sonnige tropiese Mauritius geskiet is. Ek het dit per toeval gesien toe ek gewag het vir die insetsel (veels te kort, ongelukkig) van Naas en Karin se troue.

Stadige-aksie skote van die meisies wat met bonsende boesems deur die kristalhelder vlakwaters van die Indiese Oseaan nael en multikleur-komposisies waar die meisies papegaai-kleurige drankies drink, het almal van ons lus gemaak om te sien wie ons land se ambassadeur gaan wees. Veral so kort nadat Pik Botha ons weer eens herinner het dat hy nie minister van Sjarme is nie.

Die Model '91 wedstryd was baie interessant. In elk geval die dele voordat ek aan die slaap geraak het. Die laaste wat ek gesien het, was toe die meisies saam met 'n paar sokkerspelers op die verhoog baljaar het. Wat ek ook gesien het, was Johannes Kerkorrel wat 'n hartverskeurende liefdesballade gesing het. Dit sou vir Waylon Jennings en Kenny Rogers op mekaar se skouers laat snik het.

Die Mej Suid-Afrika wedstryd, wat in ooptyd uitgesaai is, het ek nie gesien nie. Ek was te besig om Transvaal se Currie-beker oorwinning in die Troyeville Hotel te vier. Sondagoggend kon ek die video vinnig vooruitspoel verby al die deeltjies wat vervelig is. Daar het bitter min oorgebly wat die moeite werd was. Die vinnige aksie is ook baie doeltreffend om uit te wys hoe simpel en onnatuurlik die heupswaaiende modelstappie eintlik is.

Tot die ouderdom van so 13 jaar het ek die Mej SA in die Sondagkoerante gevolg. Dit was werklik vir my belangrik om te sien dat ons 'n waardige verteenwoordiger na die buiteland stuur. Tussen 13 en 18 het ek met ander oë na die wedstryd gekyk. Ek het die vroue gesien soos nog nooit tevore nie - as vroue. Begeerlike vroue. Dit het nie saak gemaak watter een wen of nie. Net solank daar baie foto's van haar gepubliseer word.

Sedertdien het die een Mej SA die ander opgevolg sonder dat mens dit agterkom. Die meisies het te jonk vir my begin word. Dit het ook al hoe duideliker geword hoe oppervlakkig party van hulle is.

"Geniet julle aandjie saam met my," koer enetjie uit Tulbagh, die neerhalendheid van blou bloed maklik op die tong. "Ek lees alle boeke wat vir my opbouend is as mens," sê een toe sy uitgevra word oor haar leesgewoontes.

Die vraag - saam met wat wil jy eendag word en hoe sal jy jou droom-man beskryf - word aan die meisies gestel om te bepaal hoe intelligent en afgerond hulle is. Want, soos die vrouetydskrif *Femina* dit stel: "The modern beauty queen is a strikingly different animal from those who won in what were once termed "cattle parades"." Die artikel is veronderstel om die idee oor te dra dat dié tipe wedstryde méér is as net 'n verheerliking van 'n mooi lyf en 'n gladde vel. Die artikel bevestig egter net: jy kan ver in die lewe kom deur bloot gelukkig genoeg te wees om met lang bene en hoë wangbene gebore te wees - mits jy bereid is om met 'n stywe kozzie wat tussen jou boude optrek oor 'n verhoog te loop.

Die Mej SA wedstryd is 'n ewe groot klug as rofstoei. Die deelnemers dra soortgelyke kostuums, dit word in die Superbowl of die Standard Bank Arena aangebied en "pose" tel meer as enigiets anders.

Die organiseerders - *Rapport* en *Sunday Times* - behoort al 'n aanduiding te gee dat die hele affêre nie te ernstig opgeneem kan word nie. 'n Koerant wat 'n verlustigende halfbladstorie plaas oor 'n kleurling (deeltydse model) wat wil selfmoord pleeg omdat sy getroude wit minnares (deeltydse moeder) moeg is vir hom, se prioritiete ... um ... prioriteite moet betwyfel word.

Die beoordelaars dra verder by tot die verlies aan erns. Twee narre, twee mowwe, 'n macho, twee mooi vrouens, 'n "token black" cum lid van die sakesektor en 'n lid van min Pik Botha se Buitelandse Sake-span.

In 'n hokkie bo die Superbowl gee Penny Rey Coelen en Margaret Gardiner vir die bevoorregte kykers insig in die doen en late van die deelnemers. Margaret wat in haar rol as suiwelmeisie (dit sê al klaar vir jou iets) geuiter het: "Want dis die mooi van egte suiwel" het nóg 'n paar wyshede met ons gedeel. Onder andere: "As mens net na haar kyk, kan mens sien waarom die ander meisies haar as Mej Persoonlikheid gekies het." En: "As die beoordelaars haar net kans gee om uit te brei sou sy vir hulle maklik wys hoe intelligent sy is." Die woorde "epitome" en "stunning" is mildelik aangewend. Tog is die meisies beoordeel op hoe hulle loop en hoe hulle die klere dra wat vir hulle ontwerp is. Al wat die kommentaar getoon het, was dat M-Net se Suanne Braun nie net mooier is as enige van die finaliste nie, maar ook as Margaret en Penny.

Op die ou end was daar net één wenner - die borge. Die twee uur lange program is elke tien minute deur advertensies onderbreek en die produkname en logo's van die borge het gedurig die skerm binnegedring. Judy Page en Neville Nash het 'n ellelange loflied spesiaal vir die borge gesing. Uiteindelik is die gesang klaar, Scot Scott sê: "Dankie, maar nou's dit eers tyd vir handelsnuus." Die laasgenoemde is nog 'n uiteensetting van al die wonderlike pryse (wat nie 'n stel ensiklopedieë of 'n jaar gratis studie aan Cambridge insluit nie) - ter waarde van R800 000 - wat Mej SA gaan wen.

In alle eerlikheid, as ek 'n mooi gesig, lang bene, ferm borsies en 'n 145 IK gehad het, sou ek ook alles uitgehaal het om Saterdag op daardie verhoog te wees. 'n Ou kan altyd later jou vroulikheid en menswaardigheid herwin en R800 000 maak dit soveel makliker.

# Hier kom Oos-Europa se plakker-toeriste...

**Noudat die Ystergordyn oopgetrek is, word Wes-Europese lande oorval deur 'n stroom Oos-Europese toeriste wat gaan kyk wat hulle al die jare nie kon sien nie. Maar die Wes-Europese toeristebedryf is nie te vreugdevol oor al die nuwe besoekers nie - want hulle bring maar min geld saam, skryf JANA MIKOSKA**

PARYS (Frankryk) - Oos-Europese besoekers wat die voormalige Ystergordyn oorsteek om voordeel te trek uit hul nuutgewonDe vryheid pak Franse toeriste-oorde vol. Maar hul spaarsamigheid maak vir hulle min vriende in die toeristebedryf.

Hulle kom aan van Pole, Tsjeggo-Slowakye en Hongarye in verouderde busse sonder lugverkoeling ten midde van Parys se somerhitte. Hulle bring hul eie kos saam en kamp onwettig in openbare parke soos die Bois du Boulogne.

"Ons wil vergoed vir 40 verlore jare," sê 'n Hongaarse paar in hulle sestigerjare in die Franse Riviera. In een maand het hulle Oostenryk, Duitsland, Nederland, België, Frankryk, Spanje, en Italië besoek in 'n klein Tsjeggies-geboude Skoda propvol voedsel en kampeertoerusting.

Hulle reisplanne is oor die algemeen tot in die fynste besonderhede uitgewerk, met min ruimte vir improvisasie, omdat hulle probeer om binne weke al die plekke te sien waaroor hul 'n leeftyd lank gedroom het.

"Ek is onder die indruk dat ek op 'n bevestigings- eerder as 'n ontdekkingsreis is," sê Karol, 'n 20-jarige student van Warskou.

Hul begeerte om soveel moontlik in die korste tydperk te sien spruit grootliks uit hul tekort aan geld en die net gedeeltelike inruilbaarheid van hul nasionale geldeenhede.

Besoekers uit Tsjeggo-Slowakye, wat die toeriste-golf lei, mag slegs $170 in buitelandse valuta per persoon per jaar koop.

Gewone werkers het min geld vir aandenkings oor nadat hulle een en 'n half maand se salaris spandeer het aan 'n groeptoer deur een van die vele reisagentskappe wat in Tsjeggo-Slowakye verskyn het ná die afskaffing van die voormalige staatsmonopolie.

Die reisigers prop blikkieskos, brood, bier en ander noodsaaklikhede in by hul toegelate 15 kg bagasie - wat hul die onmin van restauranteienaars en verkopers van versnaperinge op die hals haal.

Heelparty ondernemende Pole stel hul eie stalletjies op by plaaslike markte in Parys, om vir hul reis te betaal deur halssnoere van Baltiese ambersteen, Russiese poppe wat in mekaar pas, en selfs poolvospelse in die warm Augustusweer te verkwansel.

"Dit is onmoontlik om te sê hoeveel aangekom het sedert die grense geopen en weggedoen is met visa-aansoeke," sê Juraj Berta, pers-attaché by die Tsjeggo-Slowaakse ambassade in Parys. "Sedert die val van die Ystergordyn is daar 'n stormloop na die Weste."

Feitlik almal kamp uit, maar Parys se paar kampeerterreine is duur, en dit kos $9.50 per nag om 'n tent op te slaan. Op die ou end kampeer baie onwettig in openbare parke.

Die burgemeester van Parys, Jacques Chirac, het die polisie beveel om op te tree teen onwettige kampeerdery, wat sommige inwoners kritiseer as onhigiënies en onooglik.


Baie nuwe aankomelinge kom nie net om besienswaardighede te sien nie, maar ook om te vlug van die werkloosheid in hulle ekonomieë en om werk te soek in die Weste.

Oos-Europese toerondernemers sê feitlik elke toerbus het passasiers wat hulle nie aanmeld vir die terugtog nie.

Een Poolse man wat anoniem op Franse televisie verskyn het, sê: "Selfs as ek hier is met feitlik geen geld nie, geen verblyf- en geen werkpermit nie, is ek nóg beter daaraan toe as in Pole."

Terwyl die nuwe besoekers vir Westerlinge minderbevoorreg kan lyk, is hulle nogtans gelukkiger as hulle Roemeense, Bulgaarse en Sowjet bure, wat óf visas moet verkry vir oorsese reise óf moet bewys dat hulle deur vriende of familie genooi is om te kom kuier.

- AFP


BTW sal nie die prys van petrol en diesel beïnvloed nie. En dit maak die rit soveel lekkerder.

BTW. 'N BETER BELASTING VIR 'N BETER SUID-AFRIKA.

HUNT LASCARIS TBWA 106192


## Pas op! Sedebewakers lê op wag

TEHERAN - Sedebewakers - hier bekend as "kommitehs" - lê nou daagliks op die loer en wag in Teheran se strate. Hulle is op die uitkyk na vroue wat nie "behoorlik" geklee is nie óf gegrimeer is óf deursigtige sykouse dra.

Dit is ondenkbaar en onmoontlik vir 'n vrou om hier in die openbaar te verskyn sonder 'n doek oor haar hare.

Hoewel die chador - die swart mantelagtige kledingstuk wat om die hele liggaam draai - nie verpligtend is nie, laat die owerhede net 'n minimale vertoon van hare toe. Enige klere of gedrag wat as "uitlokkend" beskou kan word, is verbode. Buitelandse firmas - veral banke en nuusorganisasies - is onderworpe aan soektogte. Vroue wat sonder hoofbedekking betrap word - 'n daad van heiligskennis in dié Islamitiese republiek - word voor die Islamitiese hof gedaag en 'n geseling staar hulle gewoonlik in die gesig. In die begin van die Islamitiese revolusie waardeur die Sjah in 1979 tot 'n val gebring is, was kortmouhemde vir mans verbode. Maar mans kan darem nou al hul gewrigte ontbloot.

Behalwe vir die kopdoeke, wat die kommitehs met 'n amper obsessionele ywer beheer, maak die sedebewakers ook seker dat 'n man en vrou wat in dieselfde voertuig ry met mekaar getroud is.

Verlede Donderdag is 'n paartjie van Teheran gearresteer in Wali Asrstraat, 'n hoofweg. Die man is 'n halfuur lank aan die een kant van die straat oor hul verhouding ondervra, en sy gesellin aan die oorkant. Die vyftigjarige vrou is uiteindelik gewaarsku omdat sy haar dogter se verloofde per motor teruggebring het huis toe.

Soortgelyke beheermaatreëls en arrestasies ontlok kwaai uitbarstings van Teheran se inwoners.

Op 26 Julie is 300 mense in Esfahan gearresteer ná voorvalle tussen betogers en sedebewakers, berig die koerant Salam. Lede van die kommitehs, maak ook die bagasiebakke van motors oop om te soek na alkoholiese drank.

Die minister van binnelandse sake, Abdallah Nouri, sê sulke maatreëls "is roetine omdat dit somer is". Hy sê ongenaakbare taktiek kom "baie min" voor - "net wanneer 'n persoon die beperkinge oorskry en korrupsie kan ontketen".

- JEAN-MICHEL CADIOT (AFP)

# 'Liberation is still the main objective'

The election of former NUM secretary-general **Cyril Ramaphosa** as secretary-general of the ANC caused wide-spread interest. **AUDREY BROWN** finds out how he feels in the hot seat

**The media have focussed on one aspect of your political personality by saying you have "consummate skills in negotiation." How are you going to use this particular skill to unify the ANC - not on the basis of hardliners and moderates, but as an organisation which contains people from different historic and political backgrounds?**
Well, I think one should not make the mistake of looking at me in the way that the press has done. Because they, for reasons best known to themselves, are building up an image around me which is not necessarily correct. I am a person who works best in a collective, and the skills that I have unfold best in a collective, rather than in the individualistic way that the press is attempting to describe the way I work. To answer your question more directly, there are obviously different strands within the ANC and these strands complement each other. And if one looks at the principle of collective work, saamspan and all that, then you then find that one is part of a dynamic leadership, and whatever skills we all have, complement each other to produce the best results for our country.

**Prior to your election as secretary-general, you were involved in a broad range of political activities - from trade union matters to civic organisation. How are these activities affected by your election?**
They are strengthened. I will continue being involved in the Soweto People's Delegation, and the Soweto Civic Association has requested me to remain involved. I am happy to do this - time permitting, of course. And I will remain linked to the union on an ongoing basis in an advisory capacity.

**One of your first public acts as secretary-general was to forbid ANC members to publicise their membership of the South African Communist Party. Do you think, in retrospect, that that was the wisest course of action to follow considering that it gave rise to a number of questions - not the least of which is how you, the secretary-general of the ANC, can give instructions to SACP members?**
We still believe that that was the correct call to make because we were being subjected to an undemocratic public inquisition which had as its purpose the declaration of a vote of no-confidence in the new leadership. We felt that the press had no business to subject members of the ANC to such an inquisition. Our view is that the question of membership of the SACP should not be the issue in the light of the fact that the SACP is going to go very public at the end of the year on this matter...

**The ANC has admitted to organisational weakness in the organising of certain sectors of the community. How are you going to deal with this weakness?**
We have set up a very effective organising department to address all these issues. The organising department has seven executive members who are charged with the responsibility of sharpening our ability to win over to our side sectors of our community who still have misgivings about the ANC as a result of misconceptions.

**What are the challenges that the ANC is faced with from your viewpoint as secretary-general?**
Well, we have to transform the ANC into an effective organisation at all levels - politically, organisationally and administratively. We have to show that the ANC is an organisation that rightfully wears the mantle of leader of our country. We have to prove that we are miles ahead of any other organisation in terms of foresight, in terms of insight and in terms of support base as well. All that means we have to turn the ANC into a well-oiled machine that functions.

**Is part of this turning the ANC into a political party?**
Not yet, we are still a liberation movement. A liberation movement differs from a political party in that we are saying that the playing field is not yet level.
The main thrust of our activities is not fighting elections, whereas political parties do so. We are still doing everything we can to attain liberation - and until that is achieved we cannot be a political party.

**The reconstruction of the NEC has led to speculation that you are creating a 'shadow cabinet' and in fact, turning your organisation into a political party. Is this true?**
The difference is quite fine. And if you look closely at the restructuring, you'll find that the major emphasis is on the political departments that are charged with the responsibility of prosecuting our struggle to finality. Then there are other portfolios where there are fewer people. The bulk of the people are on the other side. Up to twenty people are on the policy side - that emphasis should tell you what we regard ourselves as.

**In the recent slush fund scandal, the government and Inkatha have tried to draw parallels between the funding of Inkatha and the funding of the ANC. How do you view this?**
That is rubbish. It is absurd for the government to compare the money they've been giving to Inkatha with the ANC's funding. Our funding has been public. The countries that give us money do so from open public funds which are voted for in parliament. The ANC has never denied that it has received money from other countries. The issue here is about secret funding, and the purpose of the funding, and not funding per se.

**What is the future of ANC\Inkatha relations?**
The relationship is under review, and only when we've reviewed it will we be able to tell. It will be reviewed in various meetings and through various structures. Consultation is underway, and I do not know what the general feeling is. It very difficult to say, because those meetings are going on across the country. And the fact that Inkatha has proved not be an independent organisation is the backdrop for these discussions.

**The previous secretary-general stated that the ANC was an organisation lacking in creativity and enterprise. If you had to write such a report, how would you assess your organisation?**
I have not yet reached a stage where I can write a report. We still have to sit down and look at how the organisation works. It is premature to say. But the organisation has enormous strengths. It has a dynamic leadership, a committed membership. It has also spread itself across the country within a short space of time and formed branches and regions which function. And that is a good start for an organisation which is going to assume the responsibilities of running this country.




Photo: Rodger Bosch


**There seems to be some confusion amongst your ranks about what constitutes successful mass action - especially if you look at the call for a consumer boycott as a response to Inkathagate last week.**
The consumer boycott was conceived by the PWV region long before the funding scandal broke. Regions are free to initiate programmes of their own. Mass action remains one of the pillars of struggle for liberation. So there is no confusion.

**But is it working?**
Yes. It may just be a question of emphasis on certain issues in some regions that may seem to be causing confusion in certain quarters, but certainly not in our quarters.

**Do you regard yourself as a politician, an ambitious politician?**
I've never really regarded myself as an ambitious person. I've always seen myself as a person who is given a task that I have to complete to the best of my ability. As for being a politician - you cannot be in this type of job without being a politician, can you? And that's about it.

**Do you or the ANC have any skeletons in your cupboard that can be used against you in the future - when the battle heats up?**
I don't know... skeletons such as? Of course, people can use all kinds of dirty tricks, but all that is left for the future.













**Bo links:** Ja-nee, die wêreld is maar onderstebo ... 'n Meisie slaan bollemakiesie op 'n KP-saamtrek in Randfontein. (Foto: Brett Eloff)
**Bo regs:** Drie lope is drie keer beter as een ... Klein kamerade op 'n ANC-saamtrek in die Oos-Kaap. (Foto: Brett Eloff)
**Links:** Sewe maal drie is 'n plakkertjie vol pret.

**Regs:** 'n Vlaggie vir oom Jaap ... By 'n AWB-viering van 'Krugerdag' in Vereeniging, Transvaal. (Foto: Rodger Bosch)
**Heel regs:** Hiep, hiep, hoera! ... 'n Jubelende groepie jong Ciskeiers nadat hulle pas gehoor het van Lennox Sebe se val in 'n staatsgreep. (Foto: Brett Eloff)

**Linkerbladsy:**

**Bo:** Agter die muur lê die wye wêreld ... 'n Seuntjie draf om die brons-replika van 'n Voortrekkerlaer tydens 'n regse saamtrek by Bloedrivier op Geloftedag. (Foto: Rodger Bosch)
**Heel links:** En wat sê jy? ... 'n Jong meisie kyk hoe gaan 'n raadsgebou in vlamme op tydens onluste in Kagiso, Johannesburg. (Foto: Brett Eloff)
**Links:** Met 'n mes en 'n petrolbom kan jy die wêreld oorwin ... Tydens onluste in Soweto. (Foto: Brett Eloff)





# nuwe mense in 'n OU wêreld

## Die fotograwe RODGER BOSCH en BRETT ELOFF van Southlight kyk na Jong Suid-Afrika

SOWAT 41 persent van Suid-Afrika se 38 miljoen mense is jonger as 14 jaar. Meer as 50 persent van alle swartmense in Suid-Afrika is jonger as 16 jaar.

Jaarliks word tien maal meer swart babas as wit, bruin en Indiër-babas tesame gebore.

Sowat 54 persent van alle kinders wat jaarliks tussen die ouderdom van vier en vyftien sterf, sterf weens onnatuurlike oorsake soos geweld, ondervoeding, motorongelukke of mishandeling. Die jongste kind wat in politieke geweld in Suid-Afrika gesterf het, was drie dae oud.

Uit elke duisend sterf gemiddeld 94 swart, 25,3 Indiër en 14,9 wit kleuters jaarliks.

Siektes soos diarree en masels, wat veral ontstaan weens armoede, is jaarliks verantwoordelik vir meer as 50 persent van die sterftes van swart en bruin babas, terwyl net sewe persent van wit kleutersterftes jaarliks aan dié siektes toegeskryf word.

Tot 'n jaar gelede was daar in Suid-Afrika nog geen staatsgesubsidieërde kinderhuis vir swart kinders sonder ouers nie.

Na beraming is daar meer as 9 000 straatkinders in Suid-Afrika. Die kinders oorleef deur te bedel en te steel en slaap snags op sypaadjies, in parke, treine en leë geboue.

Uitsluitende die tien tuislande, gaan 36 persent van alle swart kinders in plattelandse gebiede nie skool toe nie. Dié kinders is almal tussen vier en 16 jaar oud. Onlangse statistieke wys ook dat 63 persent van alle swart kinders die skool verlaat aan die einde van hul laerskool-onderrig.

Twee jaar gelede was daar 977 411 wit kinders, 241 749 Indiërkinders, 852 235 bruin en meer as tien miljoen swart kinders in staatskole. Dié getal sluit skole in die tuislande ook in.

Tydens die Noodtoestande van die tagtigerjare is bykans 400 kinders onder 16 in hegtenis geneem. Die jongste kind wat deur die polisie aangehou is, was agt jaar oud. Na beraming is 5 000 kinders in dié tydperk vir kort tye deur die polisie aangehou.

Tydens dié Noodtoestande is 2 317 kinders, waarvan 1 914 swart was, in die tronk opgeneem saam met hul ma's óf in die tronk gebore.

Na beraming is een derde van die 390 000 vroue wat jaarliks in Suid-Afrika verkrag word, meisies jonger as 16 jaar.

Sowat 54 persent kinders (van alle rasse) wat in kinderhuise opgeneem word, het geen pa by die huis gehad nie, 67 persent se ouers was albei werkloos, 22 persent het stiefouers gehad, 73 persent is by hul huise aangerand deur hul ouers en 60 persent se ouers het drank misbruik.

Een derde van alle Suid-Afrikaanse kinders onder 14 is ondervoed.

Navorsing verlede jaar het gewys dat Suid-Afrikaanse kinders tussen vier en vyf jaar oud meer rassisties is as Amerikaanse kinders van dieselfde ouderdom.

Sowat ses persent van die sowat 7 000 prostitute in Suid-Afrika is jonger as 18 jaar.

Tot in 1989 het sowat 8 000 kinders tussen die ouderdom van nege en dertien jaar as plaasarbeiders gewerk.

## tinus horn sportrubriek



# ons rugby sal moet regruk

DAAR is 'n groot skroef los in Suid-Afrikaanse rugby.

Dis die enigste afleiding wat 'n mens kan maak uit die Vrystaat se skokoorwinning oor 'n Noord-Transvaalspan wat die vorige naweek onoorwinlik gelyk het.

Die probleem is nie talent nie, maar dissipline.

Teenstanders se foute lewer baie meer drieë in Suid-Afrikanse rugby op as verbeeldingryke aanvalswerk. Goed, ons weet hoe om glipse uit te buit. Maar hoe gemaak as jy teen 'n span soos die All Blacks speel, wat byna geen ongedwonge foute begaan nie?

En dink net hoe sal 'n span soos Frankryk (wat nie die Bokke se talent het nie) onder ôns foute maai.

'n Mens sou kon sê Noord-Transvaal se rekord-oorwinning oor Natal twee weke gelede was 'n goeie aanduiding van die soort rugby waartoe Suid-Afrika in staat is. Verlede week se nederlaag teen die Vrystaat het weer gewys hoe maklik 'n goeie span kan verloor as hy vrot rugby speel.

Wie sal vergeet hoe die Poemas ons 'n klompie jare gelede verras het?

Die Bokke het die eerste van twee toetse met 50-19 gewen. In die tweede het Hugo Porta straks die beste vertoning van losskakelspel gelewer wat die afgelope twee dekades op Suid-Afrikaanse bodem gesien is (jammer, Naas) en al sy span se punte in 'n sege van 21-12 aangeteken.

Soos Noord-Transvaal verlede naweek geleer het, is dit nie enkele skittervertonings wat van jou 'n kampioen maak nie, maar konstante goeie spel. Sowat van wisselvalligheid het 'n mens lank laas gesien.

Maar dis nie net die Noorde wat hieraan skuld het nie. Dit geld eintlik nog meer vir Natal, wat elke keer slae kry as 'n mens begin dink hy ruk hom reg.

Selfs Transvaal, wat aan die begin van die seisoen bitter min ongedwonge foute begaan het, lyk al hoe slordiger. As die 'Bontes aanhou om so uit te rafel, wag daar 'n baie onaangename verrassing op hulle in die Curriebeker-eindstryd.

Die Westelike Provinsie, die nuwe gunsteling om Transvaal se teenstander in die eindstryd te wees, beleef eintlik nie 'n slegte seisoen nie.

Benewens die nederlaag teen die Oostelike Provinsie in die kwarteindronde van die Lionbekerreeks, het die Streeptruie min of meer na hul vermoë gespeel.

Hoewel Gert Smal eers oor 'n week of twee heeltemal wedstrydfiks sal wees, lyk dinge al stukke beter vir die WP as twee maande gelede. Daardie drie van Lance Sherrell teen Natal het 'n mens aan die WP van ouds herinner, wat enige teenstander se verdediging aan flarde kon skeur met doelgerigte hardloopwerk en skitterende hantering.

Die Noorde het darem een troos: Hulle hoef nie weer teen die Vrystaat te speel nie. Te oordeel na die Wittruie se huidige vorm (kan 'n mens jou daaraan steur?) wag daar nog 'n hewige stryd op die WP en Transvaal. En Piet Bester het beslis nie net "nuisance value" nie. Hy is een van die sterkste voorrymanne in die land en sal nader aan 'n Springbokspan kom as wat die meeste mense dink.

Die OP stel maar weer teleur. 'n Span wie se slotte mekaar in klubrugby "uitvat", hoort seker maar onder op die puntelys.

### Wie gaan dié chaos opruim?

Om vandag 'n top-sportman in Suid-Afrika te wees, kan nie goed wees vir jou stresvlak nie.

Veral atlete en rugbyspelers het geen benul wat die toekoms vir hulle inhou nie. Die een oomblik vlam die hoop op, en die volgende hoor jy "die tyd is nog nie ryp nie".

Ondanks al die samesprekings van die afgelope paar maande, lyk dit glad nie asof daar sprake is van 'n spoedige eenwording tussen die Suid-Afrikaanse Rugbyraad en die Suid-Afrikaanse Rugby-unie nie.

Te oordeel na die slakkepas waarteen daar gewerk word om 'n nie-rassige beheerliggaam te skep, moet ons miskien van die huidige sterre vergeet en solank begin talent soek by ons onder 20-spelers.

# die week se tv-sport

Rugbygeesdriftiges wat wonder of die Springbokke nog hul man in wêreldrugby sal kan staan, moenie môre se wedstryd tussen Nieu-Seeland en Australië in Sydney (TV4, 06:50) misloop nie. Australië se weghol-oorwinnings teen Engeland en Wallis het die indruk gewek dat die Wallabies 'n bedreiging vir die All Blacks in die reeks om die wêreldbeker kan inhou, maar môre se wedstryd sal 'n veel beter maatstaf vir hul vermoëns wees.

M-Net se hoogtepunte van die week is die Amerikaanse PGA-gholftoernooi, wat môre in Indiana ten einde loop, en die sokkerwedstryd tussen Arsenal en Tottenham Hotspur om die Charity Shield (Saterdag, 16:00).

**Die week se volledige sportprogramme is:**

**SAUK:**

Vrydag, 9 Augustus: 18:30 - Gillette World Sports Special.

Saterdag, 10 Augustus: TV4, 06:55: Rugby: Australië teen Nieu-Seeland. 12:00 - Sal insluit: Junior Sport; Tennis: ATP-reeks; Rugby: Intervarsity tussen Tukkies en RAU; Gholf: Volvo-reeks en Sharp se winterreeks.

Sondag, 11 Augustus: TV1, 12:30 - Junior Sport (heruitsending). Laataand: Hongaarse Formule 1-Grand Prix vanaf Boedapest.

Maandag, 12 Augustus: 21:00: TV1: Rugby: Spervuur met Zandberg Jansen; Gholf: hoogtepunte van die Amerikaanse PGA.

Dinsdag tot Donderdag: geen sport.

**M-NET**


Vrydag, 9 Augustus, laataand: Krieket: Engeland teen die Wes-Indiese Eilande en Gholf: die Amerikaanse PGA.

Saterdag, 10 Augustus: Sal insluit: Sokker: Arsenal teen Tottenham Hotspur; Gholf: die Amerikaanse PGA. Laataand: Krieket: Engeland teen die Wes-Indiese Eilande, en Gholf: die Amerikaanse PGA.

Sondag, 12 Augustus: Laataand: Gholf: Die Amerikaanse PGA; Krieket: Engeland teen die Wes-Indiese Eilande; Tennis: ATP-reeks.

Maandag,29 Julie: Krieket: Engeland teen die Wes-Indiese Eilande.

Dinsdag, 30 Julie: 21:00 Boks vanaf die Morula Sun.



Guy Drew van Pacers, wat 'n spesiale prys ontvang het omdat hy nie die Comrades kon voltooi nie.

# sukkel jy met die hardlopery? kom haal 'n prys!

HAZEL WOODWARD

DIE leuen dat sport nie om wen gaan nie, maar om blote deelname, het skynbaar 'n groot indruk op Paul Selby gemaak.

Daarom skep hy toe die 1 000km-uitdaag-pryse, ter nagedagtenis aan Johnny Kambouris, 'n bondel-hardloper wat 18 maande gelede dood is.

Dis vir die ouens wat nooit eintlik met hulle padwedlopery presteer nie; die bacon-and-eggs, die plodders, die agterosse.

Die prysuitdelery is nes 'n kleuter-kersparytjie; elkeen wen 'n prys! Moeg daarvoor om jou dinges af te hardloop sonder enige erkenning? Met die Johnny Kambouris 1 000 kan jou tyd van sewe minute per kilometer vir jou 'n silwer in die sak bring - mits jy 1 500 km per jaar in amptelike padwedlope aflê!

En selfs as jy nie klaarmaak nie, maar 'n goeie hard luck storie te vertel het, kry jy ook 'n trofee.

Soos Palmanand Nana van Allied Rockies. Eers kon hy nie vir Comrades kwalifiseer nie (wat op sigself 'n prestasie is). Toe kon hy natuurlik nie die vereiste 1 000 km binne die tydperk 1 Junie 1990 tot 31 Mei 1991 voltooi nie. Maar hy't sy trofee gekry.

Lindy Rossel was die trotse wenner van die Kieriebeker. Lindy, wat 10 minute laat vir die einde van die Comrades opgedaag het, was ook die persoon wat die naaste aan die vereiste 1 000km gedraai het met 979,9.

Selby, van Benoni Harriers, vereer die mense vir wie afstand belangriker is as die tyd waarin hulle dit aflê.

Johnny se weduwee het van die toekennings uitgedeel - totdat haar arms nie meer kon nie. Jammer dat sy skielik suinig met haar soene geword het toe dit Komalan Moodley van Lenasiaklub se beurt was.

Komalan en nege ander ouens het almal oor die 2 000 amptelike kilometer agter die rug. Komalan se tweelingbroer, Kovalan, het tweede gekom in die kategorie vir die vinnigste.

Les Nisbet van Benoni Harriers het sommer eensklaps 'n hele rakvol trofeë en pryse gekry: Hy't een van sy eie verbronsde hardloopskoene gekry vir die ou wat die meeste wedlope voltooi het; 'n prys vir die eerste ou wat 1000 km gehaal het; 'n klubtrofee en 'n hele paar trofeë en pryse omdat hy 'n ongelooflike 3141,4 km afgelê het.

Jy hoef nie eens te hardloop nie! Paul Selby se sekretaresse het 'n spesiale prys gekry vir uithouvermoë. 'n Mens ys by die gedagte wat sy alles moes uithou om dit te verdien.

# elmari rautenbach skryf oor die week se tv

## 'Sonkring' - Heerlike vermaak vir die snesie-brigade

DANKBAARHEID omdat daar darem één nuwe reeks begin op 'n kanaal wat van aanstaande week nie minder nie as drié heruitsendings het in die spits-kyktyd sou maklik kon lei tot uitvoerige lofliedere oor die einste reeks... ongeag die gehalte daarvan. Maar met *Die sonkring*, wat Donderdagaand in die plek van *Meester* begin, het Jan Scholtz 'n heerlike Mills en Boon-storie geskep vol smart, owerspel, ongehude ma's, bose pa's, korrupte politici, beeldskone talentvolle heldinne; kortom, sommer lekker outydse snot en trane vir 'n paar van die beste aktrises wat hy nóg voor die kamera gehad het.

Kyk, Jan weet wat die volk wil hê. Dis hoeka hy wat ons in die goeie ou dae *Snip en Rissiepit* en *Môre, môre* gegee het en op TV gesorg het vir *Sterretjie*, *Skoppensboer*, *Cul de Sac* en meer onlangs die opwindende *Binnekring*. (Hy werk juis nou aan *Binnekring 2*.) In *Die sonkring* het Jan egter spioenasie en boewe eenkant gelaat en hom toegespits op wat hy die beste doen: 'n lekker tranerige verhaal rondom grootword.

Die hoofkarakters in *Die sonkring* is drie jong meisies wat ons leer ken terwyl hulle nog op skool is. Deur die loop van die vyftien episodes sien ons hoe hulle grootword, liefkry, geliefdes verloor, verskeie storms die hoof bied om uiteindelik as volwassenes elkeen 'n eie plek in die lewe te vind. Die slegte karakters word gestraf; die goeies kry hul loon. *Die sonkring* is 'n sepie op sy beste. Maar wat die reeks besonders maak, is dat ons hier spel het uit die boonste rakke: van 'n hele paar nuwelinge asook 'n paar ou bekendes.

Die drie hoofrolspelers is Anna-Mart van der Merwe, wat al in die drama *Uitdraai* 'n hoofrol en in *Veldslag* 'n klein rolletjie gehad het. Die rol van Maryna is egter haar eerste groot deurlopende rol in 'n TV-reeks en as die stil, sterk regstudent wat eers uit 'n dominerende pa se kloue moet ontsnap voordat sy kan vrede vind, is sy nie net volkome geloofbaar nie, maar werklik 'n TV-vonds. Haar donker skoonheid herinner 'n mens nogal aan 'n jong Alice Krige en nie een keer trap sy die dun skeidslyn tussen melodrama en smart mis nie. (Die toneel waar sy en haar ma mekaar vir die eerste keer ná jare vind, het verskeie geharde joernaliste na hulle sakdoeke laat gryp!)

Henriëtta Greyffenberg is die jaloerse Karen, wat 'n model en uiteindelik die wraak-engel in die storie word. ("Bitch", hoor ek nou die dag, word in Hollands glo as "solder-slet" vertaal...) Dina, die laaste lid van die driemanskap, is een van 'n tweeling en uit 'n arm gesin. Sy word gespeel deur Chantell Stander, 'n aktrise pas uit die universiteit en iemand wat 'n mens in die vervolg gerus kan dophou.

Twee nuwelinge in kleiner rolle wat hulle ook uitstekend van hulle taak kwyt, is die aantreklike Theunis Nel, wat Dina se tweelingbroer speel en met onderspeelde intensiteit 'n baie egte karakter skep, en Chris Mulder, wie se moeilike opdrag dit was om 'n tiener te speel met die verstand van 'n vierjarige. Hoewel hy soms net te té is, het Chris se karaktertjie tog daarin geslaag om deernis te wek. Dit is 'n mondvol as 'n mens in gedagte hou dié soort karakters - veral as hulle deur normale akteurs gespeel word - kan kykers bitter gou verleë laat voel.

Maryna se groot liefde word gespeel deur Anna-Mart se eie man, die sanger Philip Moolman. Ons het hom laas as die snaakse, vatterige Hollandse meester in *Veldslag* gesien - ook net 'n klein rol. Saam is die Moolmans 'n regte Hollywood-mooi paartjie.

Vir al dié mooi, goeie mense in sy storie het Jan egter 'n teenpool geskep soos ons lanklaas op TV gehad het. Hy word deur Cobus Rossouw gespeel. Dirk du Plessis is Maryna se verbitterde onderwyser-pa, 'n man wat sy leerlinge in die klas verneder, wat uiteindelik indirek verantwoordelik is vir die dood van een, wat sy vrou verbied om ooit naby hulle babadogter te kom, en uiteindelik 'n gestremde kind slaan dat die rooi hale oor sy rug lê. Geen "sugar-daddy" hier nie! En Rossouw verlustig hom behoorlik in dié rol. Hy is slegter as kan kom, 'n boelie met krom skouers, 'n gemene grimlag en 'n snouende manier van praat. En tog word 'n heel aanvaarbare motivering in die verhaal gegee van hoekom dié man so geword het.

Ander bekende spelers is Paul Eilers as 'n siniese koerantredakteur, Trudie Taljaard as Maryna se ma, Trix Pienaar as die eksentrieke Antie Dot by wie die meisies eers loseer, en Pieter de Bruyn as die korrupte sakeman, Dressler. Jan het ook die regie behartig.

Die pragtige temaliedjie van Die sonkring word gesing deur Helena Hettema, 'n lid van Anton Goosen se Kommissie van Ondersoek.

## Kreatiewe TV soos ons dit nie ken nie

*American Chronicles*, Dinsdagaande se dokumentêre reeks oor Amerika en Amerikanisme uit die stal van Mark Frost en David Lynch, is kreatiewe TV soos ons dit nie ken nie. Dit is insiggewend. Dit lig in, soos van 'n dokumentêre reeks verwag word. Maar dit is terselfdertyd 'n sensuele, liriese ervaring waarvan die gevoel en sekere beelde jou lank ná die tyd bybly. Frost het hiermee 'n standaard gestel in dokumentêre reekse wat nie maklik geëwenaar sal word nie.

Dinsdagaand was die onderwerp die gedaanteverwisseling wat 'n klomp lomp rekrute met lang hare in twaalf weke ondergaan om uiteindelik uit te stap as rateltaai, selfversekerde jong mans met die titel, US Marines. Die verandering is nie net fisiek nie. Die filosofie agter die kode van die Amerikaanse marinierskorps en hoe elke rekruut dit persoonlik ervaar, is ook vertel. Onderhoud ná onderhoud het in mekaar gevloei soos die individu geleidelik deel word van die groep en die groep die mondstuk word van die korpsbeleid.

In *American Chronicles* word ook nooit staatgemaak op die bekende nie, maar telkens gesoek na 'n oorspronklike kamera-hoek, 'n skoot wat nie net wys wat vertel word nie, maar ook atmosfeer oordra en 'n baie spesifieke atmosfeer. In Dinsdagaand se program is in 'n stadium gebruik gemaak van dokumentêre film oor oorlogvoering en menslike lyding, maar met die ou, nostalgiese treffer "Pennies from heaven" op die klankbaan.

Aanstaande week se program bestaan uit twee dele: 'n vergadering oor die jongste metodes van en wapentuig vir oorlogvoering, en hoogtepunte uit die lewe van die bokskampioen George Foreman.

## Honderde nuwe reekse en Pav op... 1

Ons woorde was skaars koud of TV1 kry sy kwota Pavarotti. Nou moet ons egter regverdig wees: TV1 is darem die kanaal wat Suid-Afrikaners die eerste keer aan dié groot Italiaanse tenoor se sjarme blootgestel het toe hulle enkele jare gelede sy meestersklasse gewys het. Sedertdien het M-Net vir ons 'n paar weergalose Pavarotti-konserte gegee.

Die Pavarotti-hoogtepunt op TV1 dié week is die Hyde Park-konsert, wat Sondagaand om 9nm. gewys word. Dié konsert is op 30 Julie in Londen gehou en was die eerste opelug-konsert wat die tenoor ooit in Brittanje gegee het. Na beraming sal hy met die TV-dekking van die konsert uiteindelik deur amper 'n halfmiljard mense gesien word.

Ná 'n droogte wat nuwe reekse betref, begin volgende week sommer 'n hele spul. Enkele hoogtepunte is Donderdae se jeugreeks op M-Net, *The Wide World of Kids*, wat om 4:30nm gewys sal word. Hierin stel Jason Hervey van *The Wonder Years* sy jong kykers bekend aan buitengewone kinders wêreldwyd.

Twee nuwe musiekreekse begin. TV1 se *Op versoek* (Maandagaande om 8:35) is presies dít: 'n versoekprogram waarin musiekvideo's van gewilde Afrikaanse treffers weer gewys word. Goed of swak is klaarblyklik nie waarom dit gaan nie. Die aanbieder is Althea Oelofse. TV4 se *Jazz Jazz Jazz*, wat Maandag om 8:30nm begin het, is in 'n heel ander klas en baie besonders. In dié opvolgreeks word kykers bekend gestel aan beroemde jazz-kunstenaars soos Duke Ellington, Sonny Rollins, en die Count Basie Band.

Die vermaaklikheidswêreld - veral waar dit rolprente en TV raak - is die onderwerp van die Amerikaanse *World Entertainment News* wat Dinsdagaand om 11:18nm op TV4 begin.

Ook op TV4 is die begin van 'n nuwe dramatiese mini-reeks, *Lion of the Desert*, Donderdagaand om 9:04nm. Anthony Quinn speel 'n Bedoeïeneleier wat in opstand kom teen die Italiaanse kolonisasie van Libië in 1929. Teenoor hom staan die nuut aangestelde Italiaanse genl Rodolfo Graziani (Oliver Reed), met die spesiale opdrag van Mussolini (Rod Steiger) om die opstande in die gebied vir eens en altyd te onderdruk. 'n Geveg tot die dood begin...

Die regisseur is Moustapha Akkad en die draaiboekskrywer H A L Craig.

TV1 begin op Woensdagaand met sy tweede heruitsending van die week in die spits-kyktyd. Gelukkig is *1922* deur die skrywer John Cundill een van die bestes.

Die reeks speel teen die agtergrond van die mynwerkerstaking van *1922* en die bloedige onderdrukking daarvan. Die hoofspelers is Michael McGovern, Jonathan Rands, Michael Brunner en Amanda Strydom.

Die reeks word om 7nm uitgesaai.



Quincy Jones

## hoogtepunte

**Vandag:**

* Die derde heruitsending op TV1: *Koöperasiestories II* om 8:35nm.

* *Quincy Jones - A Celebration in Seattle* om 11:03nm op TV4, James en vriende soos Patty Austin en Ray Charles in aksie.

**Môre:**

* *Degas in the Metropolitan* om 12:28 in die middag op TV4.

* Die hoogs vermaaklike *Night Shift* om 9:30nm op TV1 met Michael Keaton, Henry Winkler en Shelley Long.

**Sondag:**

* *Pavarotti in the Park* om 9nm op TV1.

* *Steel Magnolias* om 8:30nm op M-Net, vir skater en tjank. Met Julia Roberts, Sally Field en Shirley MacLaine.

**Maandag:**

* *Jazz Jazz Jazz* om 8:30nm op TV4.

* *The Entity* om 9nm op M-Net, 'n gruwelike riller met Barbara Hershey wat deur 'n bose gees verkrag word.

**Dinsdag:**

* *Agnes of God* om 9:30nm op TV4, 'n bekroonde drama se rolprentweergawe met Jane Fonda as 'n sielkundige wat moet vasstel of 'n jong non (Meg Tilly) 'n baba gehad en dit vermoor het.

**Woensdag:**

* *Music from Around the World* om 8:30nm op TV4. Vanaand word nagklubs in Dakar, Lagos en Kinshasa besoek.

* *1922* om 7nm op TV1.

**Donderdag:**

* *Die sonkring* om 7nm, en *thirtysomething* om 9nm op TV1.

* *Lion of the Desert* om 9:04nm op TV4.

* *The Phil Donahue Show* om 8nm op M-Net ondersoek dokters se mag om pasiënte te laat sterf, al dan nie.

# Die ontemperamentele prima-donna



**Die Suid-Afrikaanse opera-sangeres Elizabeth Connell bied Sondagaand 'n Gala Fondskonsert in Wits se Groot Saal aan. Sy is deur die Suider-Afrikaanse Musiekregte Organisasie (Samro) genooi en bied ook 'n reeks sangmeesterklasse aan. Die operaresensent LEONARD SCHACH bring hulde aan haar**

SONDAGAAND maak Elizabeth Connell haar debuut in haar geboorteland. Uiteindelik kry Suid-Afrikaanse gehore die kans om saam met die internasionale gemeenskap in die genot van haar konsertoptredes te deel.

Connell is 'n sonderlinge kombinasie van sangeres, aktrise en mens. Ek het met haar as sangeres kennis gemaak in haar "mezzo-dae" toe sy 'n opspraakwekkende Ortrud in die 1980 Bayreuth-produksie van *Lohengrin* gesing het. Haar Ortrud was só kwaadaardig, só boos dat ek eintlik bang was om haar te ontmoet.

"Ek is genooi om weer in Bayreuth te kom sing," het sy destyds gesê ('n seldsame eer), "maar ek wil as 'n sopraan terugkeer. Wolfgang Wagner stem nie saam nie - en dus kom ek nie terug nie."

Teruggekeer het sy wel - en dié keer as 'n internasionaal-gevestigde dramatiese sopraan wat, ondanks 'n byna noodlottige siekte, almal verwonder het met haar Senta in die revolusionêre nuwe *Fliegende Holländer* in 1990.

Ek en sy het gaan middagete eet in die beroemde Pffaum Posthotel in die dorpie Pegnitz naby Bayreuth. Al die "grotes" van Bayreuth gaan daar tuis of eet daar. My gas is onmiddellik herken, en binne 'n halfuur het 'n enorme versierde seilskiplekkerny - 'n replika van die *Fliegende Holländer* se vaartuig in die Bayreuth-produksie - ons tafel oorheers! Daar was geen twyfel nie: Connell het die toppunt van haar beroep bereik.

Sy is die antwoord op 'n hedendaagse operaregisseur se gebede - 'n sanger wat kan toneelspeel. Dit is uiters belangrik in dié dae van "regisseursopera" (ook 'n tyd waarin verskeie wonderskone stemme operas op plaat of laserskyf opneem wat hulle nooit op die verhoog kan sing nie).

Die toneel waarin sy die Hollander vir die eerste keer ontmoet, is 'n goeie voorbeeld: sy hou die seevaarder se portret in haar hande en staar oor die verhoog na die werklike mens. 'n Lang ruk staan sy net doodstil - en gee só op die verhoog alles weer wat Wagner in die versteekte orkesbak onder sê. Die teatrale spanning wat sy skep, sal 'n Racine-tragedienne waardig wees.

Ewe onvergeetlik was haar opwindende Electra in die onlangse Salzburg-produksie van Mozart se *Idomeneo*: 'n deurdringende, skerpsnydende vergestalting van venynige jaloesie wat nooit in melodrama ontaard nie (wat so maklik kan gebeur). Dié vertolking verhef opera tot gelyke vlak met die Griekse teater in Epidaurus.

Connell is 'n besonder hardwerkende kunstenaar. Met die mezzo-repertoire volkome ontgin, skyn sy vasbeslote te wees om 'n selfs groter sopraan-repertoire onder die knie te kry.

Boonop word sy nie, soos soveel van haar kollegas, as "moeilik" beskou nie. Haar heel eerste Ariadne in München - 'n uiters belangrike optrede vir haar loopbaan, en een waaraan sy hard voorberei en gerepeteer het - is byna tot katastrofe gedoem toe die twee ander hoofsangers op die laaste minuut nie kon sing nie. Haar Zerbinetta, doodmoeg en onvoorbereid vir dié splinternuwe produksie, het kort voor die gordyn moes opgaan die heelpad van Chicago af aangekom. Hoewel Connell in dié opera die rol vertolk van 'n temperamentele primadonna wat nie 'n soortgelyke katastrofe op die verhoog kan hanteer nie, het die sopraan kalm en bedaard die opvoering na die beste professionele tradisie saamgesnoer.

Toe sy onlangs in 'n belangrike, maar ietwat idiosinkratiese aanbieding van *Fidelio* in Covent Garden moes optree, het die regisseur van haar verwag om die hele lang Ouverture te gebruik om die verhoog te betree en voor die gehoor klere te verwissel van Leonora die vrou tot Fidelio die man. Talle meestersangers sou, met reg, volstrek geweier het. Die gedissiplineerde Connell het egter haar regisseur se wense eerbiedig en die toneel deurgesien.

Dit is dié gemoedelike, simpatieke, energieke en hardwerkende kunstenares - want dít is die eienskappe wat 'n kunstenaar máák - wat gehore in Suid-Afrika sal verruk, studente sal begeester en almal wat haar ontmoet, sal bekoor.


*die week by die*

## MARK-TEATER

**MARK-TEATER**
**MANNIE MANIM PRODUCTIONS**
*bied aan*
Athol Fugard se
MY CHILDREN! MY AFRICA!
"A giant of a work ... a most memorably stimulating event" - GM
*The Star Tonight!*
Met John Kani, Cathy-Jo Ross, Raphulana Seiphemo
Ma tot Vr 8nm, Sa 6nm en 9nm

**UPSTAIRS BY DIE MARK**
The Market Theatre Company
bied aan
THE CAUCASIAN CHALK CIRCLE
Regie deur Gerrit Schoonhoven
*Met Michelle Burgers, Melinda Ferguson, Warrick Grier, Thulane Gxubane, Duncan Johnson, Michael Maxwell, Cindy Sampson, Irene Stephanou, André-Jacques van der Merwe*
Ma tot Vr 8.15nm, Sa 6.15nm en 9.15nm

DIE LAAGER
**JENNIFER FERGUSON**
IN
**SO LO**
Ma tot Vr 8nm Sa 6nm en 9nm

KIPPIES BY DIE MARK
VUSI-KHUMALO-KWINTET
*Di tot So*
*Ingang Di tot Do - R10, Vr tot So - R12*
*Tot 11 Aug*

VLOOIMARK
*Van 9vm tot 4nm*

**MARK-GALERYE**
Katlehong Kunssentrum

TELEFOON (011) 832-1641
*Bespreek by Computicket*
*H/v Bree- en Wolhuterstrate, Newtown, Johannesburg*


# Die magiese Misse van Mozart

## HENNING VILJOEN skryf oor die jongste

### Mozart-opnames en 'n verrassing van Von Suppe

IN die Mozartjaar word die platemark nog daagliks oorspoel met nuwe Mozart-opnames. Philips se grootse onderneming om al Mozart se musiek in die "Volledige Mozart-uitgawe" uit te gee, het ook nou al amper die halfpadmerk bereik met die eerste volume van Mozart se vokale werke wat pas op die platerakke verskyn het. Een van die werklik aanbevelingswaardige volumes is Volume 19 (PHILIPS 422 519-2) - nege laserplate met sewentien van Mozart se Misse en sy veelgeroemde *Requiem*.

Die werke word deurgaans deur uitmuntende kore, soliste en orkeste vertolk. Die bekendste sangers onder die soliste is onder andere Edith Mathis, Helen Donath, Margaret Price, Peter Schreier, Fransico Araiza, Theo Adam en Andreas Schmidt. Die meeste van die Misse, veral die kleiner Missa Brevi, word in 'n idiomatiese Mozartstyl deur Herbert Kegel gedirigeer. Die "Kroningsmis" en "Spatzenmesse", wat deur die Weense Seunskoor en die Viennesis-koor gesing word, beleef 'n stylvolle vertolking met Uwe Christian Harrer as dirigent.


'n Opvallende eienskap van die volume is die uitstekende verteenwoordiging van die verskillende maniere waarop Mozart vertolk kan word. Dit strek van die meer geromantiseerde interpretasie van van die "Credo-mis" met sir Colin Davis as dirigent tot John Elliot-Gardiner se outentieke benadering en die gebruik van oorspronklike instrumente in sy skitterende opname van die "Groot Mis" in C mineur. Die ligte liriese kwaliteit van die soliste, soos Sylvia McNair, met haar bykans seunsagtige timbre en Anthony Rolfe Johnson met sy soet tenoorstem, vul Elliot-Gardiner se benadering uitstekend aan.

As dirigent neem Peter Schreier se vertolking van die *Requiem* 'n middelposisie in, want hy verkry 'n ligte, bykans outentieke aanslag met die eietydse orkes van Dresden, sonder om enigsins die dramatiese vereistes van die werk in te boet. Met Margaret Price, Trudeliese Schmidt, Fransico Araiza en Theo Adam spog hy ook met 'n uitgelese sangerskorps.

Sommige kan moontlik ander opnames van die meer bekende Misse of die *Requiem* verkies, maar in die geheel is dié volume 'n waardige dokument van die musikale genie se kerkmusiek. Persoonlik is John Elliot-Gardiner se opname van die "Groot Mis" in C min my eerste keuse van dié werk, maar as dit by die *Requiem* kom, val my eerste keuse op Roy Goodman en die Hanover Band en koor se opname (NIMBUS RECORDS NI 5241). Dié opname, gegrond op die Mozart-musikoloog Robbins Landon se rekonstruksie van Mozart se onvoltooide partituur, openbaar 'n varsheid en diepte wat nie een van die ander talle opnames tot dusver kon vasvang nie. Met uitsondering van Gundula Janowotz is die soliste betreklik onbekend, maar hul vertolkings is in alle opsigte opgewasse teen dié op ander opnames.

Wat 'n heerlike verrassing is dit nie om so tussen al die Mozart deur 'n nuwe eerste opname van 'n onbekende werk van die komponis Franz von Suppe te ontdek nie! Von Suppe, wat vandag veral bekend is danksy sy ouvertures van Weense operettes, het ook 'n *Requiem* gekomponeer wat nou vir die eerste keer op plaat (AUVIDIS BNL PRODUCTIONS BNL 112774) vasgelê is.

Dié werk verdien beslis om uit die vergetelheid geruk te word. Soos Rossini se *Stabat Mater*, Donizetti se *Requiem* en Verdi se *Requiem*, is dié werk nie streng gesproke in 'n religieuse idioom gekomponeer nie en die aanvanklike kritiek dat dit "te vrolik en onreligieus is", is dus wel te verstane. Von Suppe se *Requiem* bevat nietemin pragtige, melodieryke musiek wat in dié opname met musikale geesdrif en ontroering uitgevoer word deur die Franco-Duitse koor van Parys en die Jeugsimfonie-orkes van Bonn met Wolgang Bodun as dirigent. Dié opname van 'n miskende werk vul 'n groot leemte aan.



# arachnophobics beware...

**...Helena Kriel has made her move. She is spinning her creative web around the American movie industry. Love her or hate her, you have to hand it to the writer who outraged (and delighted) critics with her erotic stream-of-consciousness pieces like Pigs on Passion, Arachnid and I Can't Wait to Tie You to the Sofa. ANDREA VINASSA succumbs to the Kiss of the Spiderwoman. Unfortunately, much of the conversation ended on the cutting room floor, but here's the edited version of Kriel's LA Story**

...A bad review, when it's concise and constructive, is something you can deal with. My plays initiated a sort of emotional response that went beyond a bad review, so that it became a total annihilation. And then, on the other hand, the good ones were very emotional in the sense that they were singing my praises totally emotionally. You know, complete diametric opposites.

There was one review. I couldn't leave my house for about three days. And then I had to go and perform. When you perform you are so vulnerable. As a playwright-actor performing your own stuff, you just multiply the pain.

If only people would make up their own minds. People are too influenced by the critics. When *Arachnid* elicited these extreme reviews, it became ridiculous because of the polarisation of the critics. I got together an extract of all the different reviews and I juxtaposed them positive, negative, positive, negative. I took the most extreme sentences out of each review. I said at the top "Who got it right?" At the bottom I put "Six critics in search of a play." I blew it up poster-size and put it in all the restaurants and gyms. The idea was to make people see that it is a completely subjective thing.

**Do you see yourself based in LA?**

I'd prefer to live in New York, but that's going to take me at least another two years of establishing myself. It is very exciting in terms of the work opportunities. There is just such a lot happening. The sky's the limit. There's a huge market there. I understand that my stuff does not have a huge commercial appeal. What I write is more avant-garde and savage. If I get a following there, I am dealing with a lot of people. David Lynch has made avant-garde trendy. A lot of people are not into Lynch, but he is making a real career out of avant-garde.

**Tell me about the screenwriting course you did.**

UCLA has an extension programme. I did the summer programme, which is the most prestigious because everyone's on vacation, so you get the best teachers. You are chosen on the strength of your writing. I applied for the Advanced Screenwriting course run by Hesper Anderson. She was an Oscar nominee for *Children of a Lesser God*. She's very well-respected there. Because of that there are a huge number of applications. I just liked her attitude. She was not looking for high-concept or what's going to sell. She was looking for people who want to express themselves honestly. I applied for the course and went to America not knowing whether I'd got in.

Within five days of having arrived in America, I went straight into the programme. America worked for me from that point on. Within my first two weeks I had to hand in the first pages of my screenplay. I handed them in. Hesper phoned me and said: "You are vastly talented, I love what you are doing." It was amazing for me to go into a highly competitive situation with working writers and to have that response. It was very gratifying. Hesper really encouraged me. I kept saying: "I need to be more commercial." I was always attacked here for not being commercial and that what I was writing was not relevant in terms of the South African situation.

They said to me: "Don't even think about being commercial. We have thousands of writers who are commercial. We need people who can write that bizarre, off-beat stuff in a real way, not impose it onto work."

Fortunately for me, I am coming into an area not that well-covered. There are very few writers who can handle the erotic stuff.

**Is that the screenplay that eventually became Virtuoso?**

Believe me, I wasn't going there to mess around. I was very concerned to choose the thing which would work for me in the best possible way. I didn't have time to be adventurous. I didn't know whether to go the South African way, which would appeal to them on an exotic level or go the commercial way so that it could be absorbed into the American system quickly and easily.

**I tried to get something out of Robert Grand [American producer, ex-Warner Brothers and producer of Virtuoso] and all he said was: "It is very good."**

It's a highly contemporary urban story set in Johannesburg. It's the emerging South Africa. It's about five characters who are living in the city; trying to survive amidst the changes; trying to express their potential while things are changing all around. On that score, I feel quite strongly about the fact that movies tend to explore the past in terms of the South African situation. They are always exploring the Immorality Act, Biko, the '76 riots.

Politics only has a relevance in the present. And especially as a South African I think one has a tremendous responsibility regarding the statement you make. If you talk about the '76 riots, people will think that is happening now. It is irresponsible to make statements pertaining to 15 years ago which then are seen as pertaining to the contemporary situation.



I was sitting on a train next to a black guy and we struck up a conversation. He was saying "Action scripts are the thing" and I was saying "No I think people are sick of action". It came out in the course of the conversation that he was in the anti-apartheid movement in America. I cannot tell you how astonished he was to find that he was sitting next to a white, English-speaking South African who was liberal in her point of view, who was free-thinking.

**Listening to Robert and Joanne [Gordon, ex-South African theatre director at UCLA and the director of Virtuoso] talk about the project, it sounded like a straight bunch of characters. You know, classical musicians? A polite film.**

No, no, no, no not at all. I am trying to illustrate the South Africa we find ourselves in at present. We have made a series of decisions that were wrong. We got ourselves involved in a kind of bad behaviour which led us into a situation of annihilation. And we find ourselves almost destroyed by the wrong decisions. But we find ourselves on the threshold of regaining our potential.

Politics is better illustrated obliquely. I am much more interested in the human rights that exist between people rather than with governments and people. I have tried to illustrate these things with the story of a young flautist in an orchestra. She's 19. She's a prodigy. She is so talented and so full of potential and energy. Through a series of wrong decisions she gets involved in bad interaction, destructive relationships, a kind of sado-masochism. She spirals further and further away from her potential. During the course of the movie she is almost annihilated and it is only towards the end that she is able to make the right decision to get back to the expression of her potential. She becomes a symbol for the country.

It's a very real story. It's about music, love affairs, fantasy, the fact that one has a positive and a negative perception. If you get involved in something that fuels your positive side, you will grow and if you get involved in something that is negative and obsessive, everything in the world becomes negative. The characters are very extreme. They are full of the ability to behave badly and they do behave badly.

Again, I am using high eroticism, characters that are sexually charged. There is an energy that is about talent and love and sex. A very fertile connection between people.

We are not talking about starchy musicians in an orchestra. We are talking about the youngest musician and just how her life starts to impinge on her music. A series of extreme events conspire to get her fired. The person in the orchestra with whom she is having a relationship is the lead violinist. He is Coloured. It's not like *Duet* with Julie Andrews. It's not a civilized piece.

**What a relief.**

Oh, don't worry.

**How did you and Joanne get it together?**

I connected with her years ago at the Wits Drama School. She really understands extremity, an exploded realism. She's not into realism or towing the middle line. She understands that rough, vital, savage thing that I am interested in. She's probably the best actor's director I've ever worked with. The screenplay is a performer's piece. I think I have found a kind of kindred spirit in Joanne.

The LA Theatre Centre has workshops and I was invited to join this laboratory of feminist actresses. It was a very interesting situation for me to land in. They are very strident in trying to establish women's role in society: it must always be positive. We took part in a festival and 95 percent of them launched a savage attack on men. It ranged from women bleating about men to women screaming about men. That's not a position I take at all. There was a discussion about the festival afterwards. They kept bandying about phrases like "What is women's role in society?" and I kept saying: "I'm not interested in that kind of work." Women can be positive and can be negative. They can be a blessing in people's lives or they can manipulate and destroy. I am interested sometimes in women who destroy.

# 1991 WINTER PROGRAMME

Damelin Management School is the leading Management Training Centre in Southern Africa, with over 60 000 graduates, many of whom now hold senior executive positions. Delegates have the choice of attending either the evening or Saturday morning classes.

| COURSE | DURATION | STARTING DATE |
|---|---|---|
| Business Management | 7 months | 31 July |
| Small Business Management | 4 months | 1 August |
| Business Organisation Management | 4 months | 10 August |
| Manager Development | 3 months | 15 August |
| Financial Management | 4 months | 5 August |
| Practical Accounting | 2 months | 5 September |
| Basic Bookkeeping (Part-time) | 11 weeks | 4 September |
| (mornings only) | 2 weeks | 9 September |
| Credit Management | 3 months | 22 August |
| Marketing Management | 5 months | 31 July |
| Marketing & Sales Management | 3 months | 7 September |
| Sales Management | 3 months | 24 August |
| Successful Salesmanship | 3 Months | 19 August |
| Public Relations | 3 months | 14 August |
| Frontline & Public Relations | 3 months | 24 August |
| Personnel Management | 4 months | 10 August |
| Personnel & Training Management | 3 months | 31 August |
| Industrial Relations | 3 months | 28 August |
| Training Management | 2 months | 1992 |
| Project Management | 3 months | 17 August |
| Production Management | 4 months | 10 August |
| Production & Supervision | 3 months | 7 September |
| Purchasing Management | 3 months | 21 August |
| Warehouse Management | 3 months | 29 June |
| Storekeeping and Stock Control | 3 months | 31 August |
| Security Management | 4 Months | 4 September |

Phone (012) 322-6710 or call at 5th Floor, Sinodale Sentrum, 234 Visagie Street, Cnr Andries Street, Pretoria.
Our special nightline (012) 73-5771 is open between 6-9 p.m.

# Damelin
## MANAGEMENT SCHOOL

DMS COURSES ARE HELD IN JOHANNESBURG, ROSEBANK, PRETORIA, VEREENIGING, MMABATHO, DURBAN, PIETERMARITZBURG, PORT ELIZABETH AND CAPE TOWN.

GREY ADVERTISING 07136



# Social Change Assistance Trust

## Koördinerende Direkteur

SCAT is 'n onafhanklike befondsings-liggaam gebaseer in die Kaap. Ons verskaf fondse en steun aan organisasies in arm gemeenskappe, veral in die platteland.

Sedert sy ontstaan in 1985 het SCAT so gegroei dat ons nou 'n voltydse direkteur benodig om die werkslas van die klein groepie vrywillige trustees te verlig.

Die persoon sal wye ervaring hê van werk met gemeenskaps-organisasies, personeel-ontwikkeling en -steun, kantoorbestuur, skakelwerk en ondervinding van fonds-organisasies, sowel as 'n belangstelling in die ontwikkelingsproblematiek.
Sy/hy sal soms buitengewone ure werk en moet bereid wees om by geleentheid te reis. Dit sal ook help as die persoon Afrikaans of Xhosa, sowel as Engels magtig is.
Dit is 'n pos wat groot uitdagings bied, sowel as die geleentheid om 'n sinvolle bydrae tot die ontwikkeling van 'n meer gelyke en regverdige Suid-Afrika te lewer.

Die salaris is onderhandelbaar.
Ons bied ook 'n siekefonds en pensioenvoordele.

Stuur asseblief u aansoek en CV na
Kloofnekweg 10A, Tamboerskloof, 8001,
verkieslik teen 26 Augustus 1991.



# USIS

**THE UNITED STATES INFORMATION SERVICE (USIS)** is pleased to announce it is moving to new premises at the 1066 Building, corner of Pritchard and Harrison Streets, Johannesburg.

We will re-open at the above location on Monday, August 26.

OUR NEW TELEPHONE NUMBER IS (011) 838-2231.
OUR NEW FAX NUMBER IS (011) 838-3920.

We look forward to welcoming you at the 1066 Building on August 26.

# kleinadvertensies

Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Cathy by (011) 836-2151, faks (011) 838-5901, of skryf aan Kleinadvertensies, Posbus 177, Newtown 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.

## PERSOONLIK

**KANS VAN 'N LEEFTYD**

Geskeide moeder vertel hoe sy maklik R82,000,00 per jaar verdien. My naam is Logan Powers. Wil u graag R4000,00 - R7000 per maand tuis of in u vrye tyd verdien? Dit maak nie saak waar u woon of watter onderrig u gehad het nie. U het my persoonlike waarborg dat u finansieël sal baat. Vir hierdie eksklusiewe inligting, stuur asb. 'n self geadresseerde koevert aan: Logan Powers, Posbus 789, Standerton, 2430

## VERBLYF

Jong professionele persoon met worshond (kruis rot en vlermuis) soek dringend verblyf, verkieslik in kothuis naby Pretoria - om te huur of te deel. Skakel Ian (02211) 627104 (laat-aand)

A young Jhb journalist who is locating to Mmabatho is desperately looking for accommodation. Call Cathy (011) 836-2151 (o/h) or Ferdinand (0140) 897214 (o/h) or (0140) 841129 (a/h)

House for sale: 3 bedrooms, 2 bathrooms, study, living and dining room (all with built-in cupboards). Single garage and big veranda with beautiful view of rose gardens. Situated at 66 Boerneef Ave, Helderkruin, price R150 000. Contact Mrs Mojit (011) 764-5087

## DIENSTE

If your HUMAN RIGHTS have been VIOLATED while under the treatment of a PSYCHIATRIST, call Citizens Commission on Human Rights NOW! Tel: 833-7271 or P.O. Box 710, Jhb, 2000. Established by the Church of Scientology in 1969.

Proeflees, Vertaling, Redigering - Skakel (012) 343-9370 (na-ure)

**ACCESS COLLEGE RANDBURG**

Training people with disabilities.
Courses available:
* Computer Courses
* Clerical
* Secretarial
* Typing
* Bookkeeping
* Accounting

Students elected NOW for courses starting 2 Sept 1991.
Tel: (011) 787-0275

**CITY COLLEGE**

7th Floor Charleston House, 161 Commissioner Street (between Delvers and Von Wielligh Street.) Johannesburg 2001
* Computer courses
* Secretarial courses
* English
* Enrolments accepted throughout the year
* Accommodation available
* Free job placement advice given

ENROL NOW
TEL: (011) 29-4116/7
The future is yours through education

**DRESSMAKING & DESIGN**

BE QUALIFIED TO START YOUR OWN BUSINESS
ENQUIRIES
CITY DRESSMAKING & DESIGN SCHOOL
7th Floor Charleston House
161 Commissioner Street (between Von Wielligh and Delvers Street)
Johannesburg 2001.
Tel (011) 29-4116/7

**TIK- EN VERTAALWERK**

Bel Louise by (012) 46-6577

**DIENSPLIG ADVIESDIENS**

Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig, skakel:
Durban - (031) 301-5663 Richard (w)
Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h)
Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm)
Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm

**POWA**

(People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkwinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

**VISUAL ART COURSES**

Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

## GEBEURE

Johannesburg Studio Route Arts and Crafts. Open to the public - Sunday 28 July, maps available from Exclusive Books or phone (011) 646-3742

## MARK

PHAMBILI BOOKS:
Huge selection of Academic Titles
22 Plein Street
Tel: (011) 29-4944
WANTED: Second-hand, Left Wing Books in good condition.
Phambili is buying
Open:
Mon-Fri 9h00-17h30
Saturday 9h00-13h00
Sundays 13h00-17h00


**STET STET STET**

Laat God U seën op hul daal
Stet (6:4) het 'n (hele) rukkie gelede verskyn.
Stuur 'n tjek of posorder van R6 aan: Stet, Posbus 39400, Bramley 2081

**Kashgar**

Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop.
Winkel 68,
The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566

**TARIEF:**
R15 VIR 25 WOORDE OF 'N GEDEELTE DAARVAN

Om by te bly met die vinnig veranderende tye is deesdae nogal moeilik. Om vóór te bly, het jy *Vrye Weekblad* nodig. Teen net 30,8 sent per dag. So: vul dié vorm nou in en stuur saam met 'n tjek of 'n posorder vir R110 *(vir 'n jaar, AVB en aflewering ingesluit)* of R50 *(vir ses maande, alles ingesluit)* aan:

**Vrye Weekblad Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113. Vandag nog.**

Naam..................................................

Adres..................................................

..................................................Poskode..................



Vanjaar is Ubu-jaar. Die Mark-Teater se produksie van Alfred Jarry se klassieke stuk was 'n ramp. Kom ons kyk wat Dieter Reible daarmee kan maak. Bo tree Antoinette Kellerman soos 'n drama-queen op. Sy speel Ma Ubu. Dit is in die Momentum by die Staatsteater op die planke.

# teater

**JOHANNESBURG**

**CURL UP 'N DYE**

Dié komedie van Susan Pam en Lucille Gillwald is vir die eerste keer in Junie 1989 opgevoer en steeds wil mense dit sien. Hierdie re-run van die re-run van die re-run is nou met die oorspronklike spelers in die André Huguenet-Teater in Hillbrow te sien. Dit speel in 'n haarsalon in 'n "grys gebied" en is gegrond op navorsing en onderhoude wat Pam in plekke soos Joubertpark gedoen het. Dis skreeusnaaks en serious. AV

**THE PERVETTES II**

Nog 'n vrou-belaaide stuk wat nie wil end kry nie. Irit Noble, Michelle Constant, Lesley Rochat en Lolly Sonmez sing liedjies soos "Pretty Legs", "Great Big Knockers", "Shop Around", "Most Gentlemen Don't Like Love", "These Boots Were Made for Walking" en "Itsy, Bitsy, Teeny, Weeny, Lubricated Condom Peeny". As dit julle nie aandraai nie, kan ek niks daaraan doen nie. Waar? Talk of the Town at 58, Pretoriastraat 58, Hillbrow. Van Dinsdag tot Sondag

**PRETORIA**

**KONING UBU - DIÉ DESPOOT IS TE OULIK**

OM Alfred Jarry se 'Koning Ubu' op Afrikaans te sien te kere gaan, was veral die trekpleister om heelpad Pretoria toe te ry. Dit was helaas 'n teleurstellende ervaring. Koning Ubu is 'n vraatsugtige, gierige despoot. Jarry het dié karakter gegrond op 'n onderwyser wat hy lelik gepes het. Met Ubu probeer hy die wrede implikasies van magswellus vir die mens en die geskiedenis aandui. Dié Koning Ubu steek egter wat karakterisering, tempo en trefkrag betref af teen Neil McCarthy se 'Ubu' vroeër vanjaar in die Markteater.

Wat veral steur, is dat die karakters nie verder ontwikkel as 'n getandeklap en 'n geritteltit as koning Ubu naby kom nie. Hannes Muller verleen aan koning Ubu eerder 'n spelerige, oulike kleur as om hom uit te beeld as die wrede, walglike papbroek wat hy is. Antoinette Kellerman kom soms sterk oor as ma Ubu, die vrou agter die man wat hom gedurig moet aanvuur. Sy was duidelik die gehoor se gunsteling.

Die vele karakters is so verwarrend aangebied dat mens soms nie geweet het wie is nou wie nie. Die vermoorde koning se seun (Gustav Geldenhuys) oortuig nie met sy idealistiese weerwraak nie.

Die rekwisiete is egter uitstekend aangewend - soos die uitgetrapte stewels wat 'n regiment voorstel. En die skreeusnaakse toneel waar koning Ubu op pad is om die belastinggeld uit sy onderdane te wurg - met 'n groteske maag en mandjie terwyl hy blommetjies langs die pad saai.

Die regie is behartig deur Dieter Reible en dis vertaal deur Leon Cloete. Die rolverdeling sluit in Hannes Muller, Antoinette Kellerman, Nomsa Nene, Patrick Ndlovu, Bill Curry en Gustav Geldenhuys. Momentumteater, Pretoria tot 24 Augustus LAETITIA POPLE.

**DAY IN / DAY OUT**

Thandie Claasen sing die Blues in Day in, day out, wat nog tot 17 Augustus opgevoer by die After Dark Restaurant in Pretoria. Hoofsaaklik vuurwarm soul-jazz met 'n knippie pop, asook tradisionele Afrika-liedjies. Thandie se oorweldigende verhoogpersoonlikheid en Kai se uitmuntende baskitaar maak dit beslis die moeite werd. Besprekings deur Computicket. LOUWRINS POTGIETER

# kultuur

Die Kommunikasie-eenheid van die Afrika-Kultuursentrum, Mintlaan 46, Fordsburg, Johannesburg, vertoon 'n reeks prente deur Afrika-regisseurs. Souleymane Cisse se Yeelen draai môre om 10vm en Ousmane Sembene se Camp Thiaroye om 2nm. 'n Seminaar word ná Yeelen aangebied. The Guardian se Richard Roud het oor dié prent geskryf: "The most technically beautiful African film I've seen... extraordinary." Ander kritici meen ook dis die beste Afrika-prent wat nog gemaak is. Dit is gegrond op 'n legende en speel in 'n onbepaalde verlede. Dit handel oor 'n jong man wie se pa jaloers vrees dat sy seun miskien magtiger as hy sal word. Die seun vlug en bekom daardeur self-kennis en meer persoonlike mag. Ná vele avonture in die woestyn van Mali en 'n huwelik, besluit die jong man hy is gereed om terug te keer huis toe. Pa en seun vernietig mekaar, maar die jong man se seun oorleef en onderneem die trek na kennis saam met sy ma.

Sembene, die regisseur van Camp Thiaroye, is alombekend as die vader van Afrika-rolprente. Dié prent speel kort voor die einde van die Tweede Wêreldoorlog in 'n Senegalese kamp vir terugkerende soldate. Soldate van oral in Afrika het namens die Franse en die Geallieerdes die oorlog binnegetree. Die daaglikse lewe van die soldate en die spanning tussen hulle en die offisiere, word uit 'n Afrika-hoek bekyk. Die tragiese hoogtepunt van die prent is die slagting van die hele kamp deur die offisiere, 'n gebeurtenis wat nie juis prominensie geniet in Franse geskiedenisboeke nie!

As jy nog inligting oor die seminaar wil hê, bel die sentrum by (011) 838-3034. Dit word ook in Kaapstad aangebied. AV

# boeke

**EXCLUSIVE BOOKS PRETORIA SE VYF TOP-VERKOPERS:**

**FIKSIE**

1. Casspirs en Campari's - Etienne van Heerden **2.** Immortality - Milan Kundera **3.** Unbearable Lightness of Being - Milan Kundera **4.** Nagsweet - Johann de Lange **5.** Renegades of Pern - A McCaffrey

**NIE-FIKSIE**

1. The Road Less Travelled - M Scott Peck **2.** Making Money Made Simple - M Heysteck **3.** Zen and the Art of Motorcycle Maintenance - R Persig **4.** Vat Manual: A day in the life of your business - T Dreisenstock **5.** My Traitor's Heart - Rian Malan

**EXCLUSIVE BOOKS HYDE PARK SE VYF TOP-VERKOPERS:**

**FIKSIE**

1. Tandia - Bryce Courtenay 2. A Sensible Life - Mary Wesley 3. The Secret Diary of Laura Palmer - F Lynch 4. Solomon Gursky Was Here - M Richler 5. The Buddha of Suburbia - H Kureishi

**NIE-FIKSIE**

1. My Traitor's Heart - Rian Malan **2.** Rabbit in a Thorn Tree - Arthur Goldstuck **3.** A Goodlooking Corpse - Mike Nicol **4.** Transcultural Management - A Koopman **5.** Kaffir Boy - M Mathabane

# fynproe

NETTIE PIKEUR

## Mevrou Pont se voortreflike veerwild en Pieter se kreef en bykin (yuk)

MY oorle' vriendin Martli het altyd gesê daar is twee soorte mense in die wêreld: Dié wat rugpyn het, en dié wat nie.

Daarby, kan ek byvoeg, is daar nog twee soorte: Dié wat jou 'n pyn in die nek gee, en dié wat nie. Onder die voriges (gelukkig min, ons Pikeurs is vredeliewend van aard) tel egobelaaide kosskrywers wat anyway nie kan kook nie, en onder die tweede lot, briljante kokke wat weet hoe om 'n kookboek aanmekaar te slaan.

En dit bring ons eerstens by Rina Pont met haar Suid-Afrikaanse Wildsgeregte deur Human en Rousseau (sowat R45). Toe ek die boek by die poskantoor gaan afhaal, straal 'n wonderlike lig skielik deur die grou Kaapse winter. Want hier is 'n juweel van 'n kookboek.

Begin by die omslag: 'n Lieflike, warm stillewe deur die fotograaf Paul Gordon. Trouens, al Paul se foto's is uitstekend, glashelder, in fokus (verstommend raar onder kosfotograwe) en voortreflik gestilleer deur die skrywer self. En mens, ken Rina Pont haar storie. Sy weet alles van wild. Soos ek al tevore gesê het, 'n skrywer soos dié wys met die intrapslag die verskil tussen kennis en navorsing. Sonder twyfel moes mev Pont navorsing doen, maar al die inligting en resepte in die boek klink afkomstig van iemand wat wéét waarvan sy praat.

Al gril mense soos ek (fyn geteel, sien) vir jagstories, beïndruk sy met die deeglike beskrywing van soorte wild, hoe om hulle op te sny en verder te hanteer en bewaar, lyste gereedskap wat benodig word, en dan delectable hoofstuk ná hoofstuk van alle aspekte van die wildvleiskookkuns: biltong en wors, marinades, aftreksels, afval, pâtés en terrines, resepte vir veerwild. Die resepte is duidelik, meestal eenvoudig en klink aanloklik lekker. 'n Stukkie wilde-eend met spinasie-en-lemoenslaai? Of dalk bosduiwe met portwyn en blaarkoolbondeltjies? Wat van wildsbredie met jenewerbessies en room?

Verder is die boek uitstekend geredigeer - 'n massiewe taak vir so 'n omvattende werk. Ek het alles van hoek tot kant deurgelees op soek na spel- of ander taalfoute - not one. Elke enkele foto het 'n volledige byskrif en 'n bladsynommer vir die resep, as dié nie op dieselfde bladsy verskyn nie.

Wat ek ook 'n verligting vind, is dat geen wynmaatskappy mev Pont geborg het en toe aangedring het op 'n bottel op elke foto met die etiket as fokuspunt nie. Sy gebruik lekker common wynbottels, en verder mooi eenvoudige silwer, plaas-borde en spensgerei soos konfytbottels op haar foto's.

Enige kritiek? Ja, die bedankingslys is oordadig. En dit klink weird om mediese studente vir hul sketse en anatomiese beskrywings te bedank. Verder vaar die skrywer baie goed met Franse en Italiaanse benamings soos mirepoix en pancetta - hoekom dan daardie irriterende verafrikaansing soos terrien en patee? Soufflé word altemit nie soufflee nie... Maar dis kibbel om sommer net aweregs te wees. Gaan koop Rina Pont se wildsboek, want dit gaan 'n classic word. Vier keer sy prys werd.

Hier is 'n uitstekende illustrasie van mev Pont se styl. Ek het dit effens aangepas deur nie die alternatiewe lepel-en-koppiemate te gee nie.

**LEMOEN-PORTWYNSOUS**

1 salot, baie fyngekap: sout en peper na smaak; 30 ml wit wynasyn; 250 ml vars lemoensap, deurgesyg (sien wat ek bedoel met deeglike resepte? - NP), 250 ml portwyn; 45 ml dik room of crème fraiche, 60 g koue botter.

Plaas salot, sout, peper, wynasyn, lemoensap en portwyn in 'n kastrolletjie en kook vinnig sonder deksel af tot sowat 15 ml. Voeg room by en kook weer bietjie af. Klop koue botterblokkies een-een afwisselend by lae hitte en weg van stoof tot mengsel fluweelagtig en glad is. Moenie oorverhit nie, aangesien botter olierig sal word. Proe en geur, indien nodig. Moenie weer verhit nie. Sit onmiddellik voor of hou 'n paar minute warm in bain-marie met louwarm water of langer in 'n warmfles. Die resep lewer ses porsies en kan voorgesit word met wildsvleis, veerwild of lewergeregte.

Nou kom ons ongelukkig by die ander helfte van die mense in die wêreld. Op my lessenaar beland Pieter Fourie se Swerwerskos (soos gesien op TV) van Haum-Literêr (sowat R20).

Die foto's is wel amper almal by die see geneem, mooi blou en wit agtergrond, maar ai, Pieter, kan jy darem nie arme David Briers se naam reg gespel het in die credits nie?

Verder sê ek niks, behalwe check dié vir bestanddele vir kerrie-kreef en bykin (dis seker bacon): een of twee rou krewe, 2 eetlepels van tant Emma se kerrie, 'n ui in ringe gesny, en bykin. Yuk.

Ek was nie beïndruk deur die boekie nie - nóg deur die bederwing van kreef deur bottel-mayonnaise oor te donder, nóg deur die so-called kostelike taalgebruik. Om te dink Rina Pont se fabulous glanswildsvleisboek kos R45, en Swerwerskos R20. Onverklaarbaar.



TAKHARE VIR VREDE SÊ

Boetie gaan badskamer toe

BLESKOPPE TEEN APARTHEID SÊ



om oorboord te gaan was nog nooit 'n goeie idee nie

# IF THE PRESS CAN'T TELL US, WHO WILL?

**Shell believes that a free press is a cornerstone of democracy.**

**Working to make a difference now.**